UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ERVARINGS VAN DEPARTEMENTSHOOFDE AS ONDERRIGLEIERS IN PARALLELMEDIUM-LAERSKOLE

deur

**Zacharias Louw de Beer**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS
(ONDERWYSLEIERSKAP)

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Studieleier: Prof. Dr. Rika Joubert

Augustus 2011

© University of Pretoria

*INHOUDSOPGAWE* *A -* I

*ERKENNING* *B -* III

*ONDERNEMING* *C -* IV

*OPSOMMING* *D-* V

# INHOUDSOPGAWE


| | | | Bladsy |
|---|---|---|---|
| **Hoofstuk 1** | | **INLEIDING** | 1 |
| | **1.1** | **AGTERGROND** | 1 |
| | **1.2** | **RASIONAAL** | 2 |
| | **1.3** | **NAVORSINGSDOEL** | 3 |
| | **1.4** | **NAVORSINGSMETODOLOGIE** | 4 |
| | **1.5** | **NAVORSINGSONTWERP** | 5 |
| | **1.6** | **KONSEPTUELE RAAMWERK** | 8 |
| | **1.7** | **OPSOMMING** | 13 |
| **Hoofstuk 2** | | **ONDERRIGLEIERSKAP EN DIE DEPARTEMENTSHOOF** | 14 |
| | **2.1** | **INLEIDING** | 14 |
| | **2.2** | **REGSRAAMWERK** | 14 |
| | **2.3** | **DEPARTEMENTSHOOF** | 18 |
| | **2.4** | **PARALLELMEDIUMSKOLE** | 20 |
| | **2.5** | **REGSPRAAK** | 22 |
| | **2.6** | **ONDERRIGLEIERSKAP** | 24 |
| | **2.7** | **GEVOLGTREKKING** | 34 |

| | | |
|---|---|---|
| **Hoofstuk 3** | **NAVORSINGSMETODOLOGIE** | 35 |
| **3.1** | **INLEIDING** | 35 |
| **3.2** | **NAVORSINGDOEL** | 35 |
| **3.3** | **NAVORSINMETODOLOGIE** | 36 |
| **3.4** | **NAVORSINGONTWERP** | 37 |
| **3.5** | **WAAR WORD DIE NAVORSING GEDOEN?** | 39 |
| **3.6** | **STEEKPROEF EN DEELNEMERS** | 40 |
| **3.7** | **DATA-INSAMELING** | 41 |
| **3.8** | **DATA ANALISERING** | 46 |
| **3.9** | **ETIESE IMPLIKASIE** | 47 |
| **3.10** | **BEPERKINGS VAN STUDIE** | 47 |
| **3.11** | **OPSOMMING** | 48 |
| **Hoofstuk 4** | **DATA ANALISE** | 49 |
| **4.1** | **INLEIDING** | 49 |
| **4.2** | **DATA ANALISERING** | 49 |
| **4.3** | **BEVINDINGE** | 59 |
| **4.4** | **GEVOLGTREKKING** | 69 |
| **Hoofstuk 5** | **BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKING** | 71 |
| **5.1** | **INLEIDING** | 71 |
| **5.2** | **OPSOMMING VAN BEVINDINGE** | 71 |
| **5.3** | **REFLEKSIE** | 73 |
| **5.4** | **BEPERKINGE VAN STUDIE** | 73 |
| **5.4** | **GEVOLGTREKKING** | 74 |

## ERKENNING

- *Ek wil eerstens vir my promotor, prof. Rika Joubert baie dankie sê vir die raad, ondersteuning en leiding. Sy het my altyd bygestaan en was geduldig en professioneel. U insette en raad het navorsing vir my ontsluit.*

- *My vrou, Marelise de Beer, en my twee seuns, Zanro en Wiehan wat my emosioneel en finansieel ondersteun het. Sonder julle sou ek dit nie kon doen nie. Ek is baie lief julle en ek is jammer vir die tye wat ek nie daar was vir julle nie.*

- *Ons studiegroepie; Johan, Mollie, Marstè en Andre. Dankie vir die ondersteuning en bemoediging.*

- *Prof . Tinus Kuhn vir die redigering en taalversorging.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**ONDERNEMING**

Hiermee verklaar ek Zacharias Louw de Beer dat hierdie verhandeling van beperkte omvang my eie werk is. Erkenning is gegee aan ander persone se werk en is gelys in die bronnelys.

Geteken te Pretoria op 31 Augustus 2011

Handtekening : ___________________________

Hierdie verhandeling van beperkte omgang is deel van die akademiese vereistes vir 'n meestersgraad in opvoedkunde, soos vereis deur die fakulteit opvoedkunde van die universiteit van pretoria

# OPSOMMING

Wetgewing ten opsigte van Onderwys in Suid-Afrika het sedert 1994 beduidend verander. Een van die aspekte wat verander het, is die taalbeleid en die taal van onderrig en leer by skole. Die aantal skole wat hulle taalbeleid verander het van enkelmedium na parallelmedium en dubbelmedium, het beduidend toegeneem. Hierdie verandering het ’n invloed op die bestuur van die skole. Die departementshoof as onderrigleier in sy of haar departement speel ’n belangrike rol in die bestuur van hierdie verandering.

Die navorsing het ten doel om die onderrigleierskaprol van departementshoofde te ondersoek en te beskryf. Verder wil hierdie studie ook fokus op die impak op die leierskaprol van departementshoofde wanneer die taalbeleid by hulle onderskeie skole verander.

Met die fokus op die onderrig-leierskaprol van die departementshoof ondersoek hierdie gevallestudie die uitdagings wat departementshoofde ondervind. Die studie is gedoen by drie parallelmedium-laerskole in Pretoria. Dit is ‘n kwalitatiewe interpretivistiese studie waarin data deur drie insamelingtegnieke verkry is. Daar is gebruik gemaak van waarneming, onderhoude en dokumentanalise. Die data is ontleed deur middel van inhoudanalise.

My bevindinge dui op die volgende:

Eerstens het ‘n skool se taalbeleid ‘n beduidende invloed op die onderrigleierskap van departementshoofde by parallelmedium-skole.

Tweedens, meer spesifiek, moet departementshoofde hulle take en pligte in albei onderrig- en leertale verrig. Dit impliseer ‘n geweldige toename in hulle werklading wat beplanning, vergaderings en kommunikasie insluit.

Laastens is wetgewing en regspraak die raamwerk waarbinne die departementshoofde as onderrigleier hul taak moet volvoer. Die wil voorkom asof die deelnemers 'n beperkte kennis het van die regsraamwerk waarbinne hulle hul taak moet uitvoer.

# ABSTRACT

Legislation regarding education in South Africa has changed significantly since 1994. One aspect that has changed is language policy and language of learning and teaching at schools. The number of schools that have changed their language policy from single medium to parallel- and dual medium has increased significantly. This change had an impact on the management of schools. The head of department as an instructional leader in his or her department plays an important role in managing this change.

The research aims to investigate and describe the instructional leadership role of heads of departments at parallel medium primary schools. Furthermore, this study would also focus on the impact of the leadership role of department heads when the language policy at their respective schools has changed.

With the focus on instructional leadership of the heads of departments this case study investigated the challenges experienced by this department heads. The study was conducted at three parallel medium primary schools in Pretoria. This is a qualitative study which interprets data collected by three techniques. The three data collection instruments were observations, interviews and document analysis. The data were analyzed using content analysis.

My findings indicate the following:
First, a school's language policy has a significant influence on the instructional leadership of heads of departments at parallel medium schools.
Second, more specifically, the heads of departments must do tasks and duties in both languages of learning and teaching. This implies a tremendous increase in their workload that includes planning, meetings and communication.
Finally, legislation and case law forms the framework within which the heads of

departments as instructional leader has to fulfill their tasks. It seems that the participants' have a limited knowledge of the legal framework.

KEY WORDS

*instructional leader - head of department - legal framework - case law - parallel medium - language policy - workload - job description* .


# HOOFSTUK 1: INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND

Die politieke landskap van Suid-Afrika het verander sedert die demokrasie bestel in 1994. In Artikel 9(3) van die Grondwet van Suid-Afrika (1996a)(hierna die Grondwet) word die staat se verantwoordelikheid ten opsigte van diskriminasie uitgespel: die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie. In Suid Afrika is daar 'n eenvormige onderwysstelsel wat nie op enige gronde, soos in die Grondwet gespesifiseer, mag diskrimineer nie. Daar word by voorbeeld nie onregverdig gediskrimineer teen Suid-Afrikaners volgens geslag, ras of taal nie. Daar is nie skole waar leerders volgens ras geskei word nie. Ouers kan hulle kinders inskryf by skole waartoe hulle in die Apartheids era nie toegang gehad het nie, omdat ras en taal nie meer as toelatingvereiste gebruik mag word nie. 'n Aantal skole moes hulle taalbeleid verander om alle leerders te akkommodeer.

*Die Wes-Kaapse Minister van Onderwys en die Beheerliggaam van die Laerskool Mikro* 2005 10 BCLR 973 (SCA) en *Laerskool Middelburg en die Departementshoof van die Mpumalanga Departement van Onderwys* 2003 4 SA160 (T) is voorbeelde van hofsake oor taalbeleid. Die onderstaande tabel beklemtoon wat die verandering in migrasie van leerders na enkelmedium Afrikaanse skole teweeg gebring het. Teen 2003 het die Afrikaanse enkelmediumskole afgeneem van 274 in 1999 na 155 in 2003 in Gauteng (Du Plessis:2003:4-5).

Figuur 1 (Du Plessis: 2003:4-5)




| | Wes-Kaap | Gauteng | Vrystaat | Mpumalanga | Noordwes | Limpopo |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1993 | 759 | 274 | 153 | 90 | 82 | 38 |
| 2003 | 564 | 155 | 97 | 3 | 13 | 12 |

Die veranderinge in taalbeleid van skole het 'n invloed gehad op die bestuur van skole, spesifiek op die bestuur van die kurrikulum omdat die taal van onderrig en leer (TVOL) verander het. Departementshoofde is die onderrigleiers in hul departemente en moet noodwendig leiding gee met die aanpassings en veranderings ten opsigte van TVOL.

## 1.2 RASIONAAL

In 2007 is een van my kollegas oorgeplaas na 'n parallelmedium-laerskool. Hy het negentien jaar onderwyservaring gehad by 'n enkelmedium Afrikaanse skool. Alhoewel hy al nege jaar ondervinding as departementshoof gehad het, was hy onseker in sy nuwe rol as leier en bestuurder van 'n departement by 'n parallelmedium-skool. Elke bestuursdokument moes in Afrikaans en Engels vertaal word. Dit het ingesluit beleidstukke, beplanning, assessering, kurrikuluminhoud en kommunikasie met ouers, personeel en leerders om maar enkeles te noem. Hy het my ingelig dat hy nou twee keer meer werk as

voorheen het en dat die dubbele lading ekstra werkdruk veroorsaak. Hy was ook onseker oor sy eie en sy onderwysers se taalvaardigheid in veral Engels. Onderwysers moet in Afrikaans en Engels kan onderrig gee. Onderwysers wat nie taalvaardig in Afrikaans en Engels is nie, het 'n invloed op leerders se prestasie. Sommige leerders kla dat hulle nie verstaan wat die onderwysers probeer verduidelik nie. As 'n onderwyser Wiskunde in twee verskillende tale moet aanbied, kan dit lei tot onderrig wat nie op peil aangebied word nie, veral as die onderwyser nie ewe taalvaardig in albei tale is nie. Dit is moeilik vir onderwysers om onderrig te gee in 'n taal waarin hulle nie vaardig is nie.

In 2008/9 het ek die geleentheid gehad om 'n Gevorderde Sertifikaat in Onderwysbestuur te voltooi. Ek was blootgestel aan 'n verskeidenheid standpunte en probleme wat departementshoofde by hulle verskillende skole ervaar. By sommige skole eindig moedertaalonderrig in Graad 3 en vanaf Graad 4 geskied onderrig in Engels. Hierdie Zoeloe- en Tshwanasprekende kollegas het veral gesukkel met vertaling en die verduideliking van konsepte in Engels. Hierdie ervaring het my gelei na die volgende vraag: Wat is die invloed van die verandering van 'n taalbeleid by 'n skool op die bestuur van ’n departementshoof?

Nog 'n ander interessante verskynsel is die “twee skole op een terrein”-stelsel. Sommige skole bedryf twee skole op een terrein. Daar is 'n Afrikaanse afdeling en 'n Engelse afdeling maar dieselfde onderwysers moet vir albei strome onderrig gee.

## 1.3 NAVORSINGDOEL

Na aanleiding van die probleme en uitdagings wat departementshoofde ervaar, het ek besluit om navorsing te doen oor die onderrig-leierskaprol van departementshoofde by parallelmedium-skole. Faktore soos die regsraamwerk, die pligte van 'n departementshoof, onderrigleierskap en regspraak oor taalbeleid is in ag geneem. Daar is moontlik 'n leemte in die literatuur oor die onderrig-leierskaprol van departementshoofde by parallelmedium-skole en my navorsing

kan help om dit aan te spreek. Die doel van hierdie navorsing is om die onderrigleierskap van departementshoofde by parallelmedium-skole te ondersoek en te beskryf. Die volgende navorsingsvrae het betrekking op die navorsing:

- Wat is die invloed van taalbeleidverandering op die onderrig-leierskaprol van die departementshoof by 'n parallelmedium-laerskool?
- Wat is die spesifieke bestuur- en leierskapuitdagings vir 'n departementshoof by 'n parallelmedium-laerskool?
- Hoe beïnvloed wetgewing en regspraak oor taalbeleid die onderrig-leierskaprol van die departementshoof?

## 1.4 NAVORSINGMETODOLOGIE

Die benadering wat ek gekies het vir die navorsing is kwalitatiewe navorsing. Kwalitatiewe navorsing gebruik 'n naturalistiese benadering wat 'n verskynsel in konteks probeer verstaan. Kwalitatiewe navorsing maak gebruik van die natuurlike omgewing as die bron van data. Die navorser poog om "te beskryf" en verskynsels te interpreteer soos hulle is, om 'n "empatiese neutraliteit" te handhaaf (Patton:1990:55).

Ek is van mening dat die kwalitatiewe navorsingmetode die geskikste metode is om die ervarings van departementshoofde as onderrigleiers in parallelmedium-laerskole te ondersoek en te beskryf. Ek het die deelnemers in hulle natuurlike omgewing besoek en die data tydens die besoeke ingesamel.

Kwalitatiewe navorsing is interpreterend, naturalisties en induktief in benadering (Cresswell:1998:87). Een van die paradigmas wat geassosieer word met sosiale kwalitatiewe navorsing is interpretevisme. Hierdie studie word begrond deur interpretevisme. Volgens Rubin en Babbie (2009:37) probeer interpreterende navorsers om mense se lewens, optredes, gedrag en persepsies te interpreteer en subjektief te verstaan. Navorsers besoek en verken individue in hul natuurlike omgewing. Ek het die deelnemers (departementshoofde) in hulle klaskamers

besoek en het hulle ervarings daar beskryf en geïnterpreteer en was dus deel van die verskynsel. Interpreterende navorsers probeer om die leser van hul verslae te laat verstaan hoe dit voel om in die skoene te loop van die klein aantal mense wat hulle bestudeer. Cohen, Manion en Morrison (2007:384) omskryf die interpretevisme as die strewe om situasies te visualiseer deur die oë van die deelnemers. Dit reflekteer die sosiale wisselwerking tussen mense in hulle natuurlike omgewing. Dit beskryf ook die betekenis wat mense gee aan sosiale interaksies wat hulle observeer en dit is beskrywend van aard. Ek het dus die departementshoofde in hul natuurlike omgewing waargeneem sodat ek faktore kon waarneem wat hulle onderrigleierskap kan beïnvloed.

## 1.5 NAVORSINGONTWERP

Ek het gebruik gemaak van 'n gevallestudie om my navorsingvrae te beantwoord. Volgens Bromley (1991:302) is gevallestudienavorsing 'n sistematiese ondersoek gefokus op 'n gebeurtenis of 'n klomp relevante gebeurtenisse met die doel om die fenomeen te beskryf en te verduidelik. Nieuwenhuis (2009:75) beskryf 'n gevallestudie vanuit 'n interpretivistiese perspektief soos volg: "Gevallestudies streef daarna om 'n holistiese begrip te kry van die wisselwerking tussen deelnemers in 'n spesifieke situasie. Dit streef ook daarna om uit te vind hoe die deelnemers sin maak van 'n fenomeen". Cohen, Manion en Morrison (2007:254) sê die volgende oor gevallestudienavorsing: Dit behels die waarneming van 'n geval of fenomeen in die "regte lewe" konteks. Aangesien my navorsing handel oor die onderrig-leierskaprol van departementshoofde by parallelmedium-laerskole is ek daarvan oortuig dat gevallestudienavorsing my navorsingvrae sou beantwoord. Die waarneming en onderhoude met departementshoofde in hulle natuurlike omgewing by hul skole het my nader aan hul wêreld en hul interpretasie daarvan gebring.

Kruger (2003:246) beskryf onderrigleierskap as 'n taak met baie fasette wat mens- en taakgeoriënteerde bestuurtake kombineer sodat dit lei tot 'n effektiewe leeromgewing. Ek het drie departementshoofde besoek en waargeneem hoe

hulle hul departemente bestuur en leiding neem met die fokus op onderrigleierskap. Lincoln en Guba (1985:39-43) lig die volgende uit oor navorsing in die natuurlike omgewing:

- Die navorsing moet gebeur in die natuurlike omgewing – drie parallelmedium-skole in Pretoria – want konteks word gedefinieer deur betekenis.
- Mense is die navorsinginstrumente –drie departementshoofde.
- Kwalitatiewe metodes werk beter as kwantitatiewe metodes wanneer persone die navorsinginstrumente is – ryk beskrywende verbale en nie-verbale data werk beter as numeriese data.
- Die keuse van deelnemers hang af van die doel – doelgerigte steekproef.
- Die fokus van die studie beskryf die grense.
- Die navorser se bevindinge is onderhandelbaar.

### 1.5.1 Steekproef

Ek het gebruik gemaak van 'n doelgerigte steekproef om die deelnemers te kies wat my navorsingvrae moes beantwoord. Cohen et al. (2007: 114-115) wys daarop dat doelgerigte steekproewe 'n kenmerk is van kwalitatiewe navorsing. Die deelnemers wat gekies is moes die spesifieke navorsingbehoeftes aanspreek: in hierdie geval drie departementshoofde by drie verskillende parallelmedium-laerskole in en om Pretoria.

Skool A. Manlike departementshoof tussen ouderdom 25 - 30 jaar by seniorfase wat verantwoordelik is vir die leerareas Afrikaans en Engels.

Skool B. Manlike departementshoof tussen ouderdom 30 - 45 jaar by seniorfase verantwoordelik vir die leerarea Wiskunde.

Skool C. Vroulike departementshoof tussen ouderdom 30 - 50 jaar by seniorfase met verskillende leerareas.

Al drie deelnemers praat Afrikaans en verbonde aan parallelmedium-laerskole.

### 1.5.2 Data-insameling

Die data-insamelingmetodes wat die meeste in 'n kwalitatiewe navorsingbenadering gebruik word, kan in drie breë kategorieë geklassifiseer word, naamlik in diepte onderhoude, waarneming, en dokumentanalise en oorsig (Nieuwenhuis:2009:82-85). Ek het al drie hierdie kwalitatiewe metodes gebruik om data in te samel. Dit het my data meer geldig en geloofwaardig gemaak. Waarneming van die drie departementshoofde in die klassituasie was my aanvanklike data-insamelinginstrument. Vervolgens het ek semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met die drie deelnemers. Ek het ook verder van hulle werkdokumente soos beplanninglêers, assesseringlêers, notules van vergaderings en ander relevante dokumente geanaliseer. Die fokus was op die onderrig-leierskaprol van die departementshoof in 'n parallelmedium-laerskool met inagneming van die relevante regsraamwerk en regspraak.

### 1.5.3 Data-analise

Ek het gebruik gemaak van inhoudanalise om die data wat ek vir hierdie studie ingesamel het, te analiseer. Inhoudanalise sluit dokumentanalise in. Neuendorf (2002:10) omskryf inhoudanalise soos volg: "Content analysis is a summarizing, quantitative analysis of messages that relies on the scientific method (including attention to objectivity, intersubjectivity, a prior design, reliability, validity, generalizability, replicability, and hypothesis testing) and is not limited as to the types of variables that may be measured or the context in which the messages are created or presented." Inhoudanalise in hierdie navorsing is die analisering van data in die vorm van onderhoude, waarnemings en dokumente. Dokumentanalise in hierdie navorsing is die ontleding van geskrewe dokumente soos notules en agendas van vergaderings soos gelei deur die onderrigleier.

Die volgende is moontlike voorbeelde van data kategorieë vir hierdie studie:

Parallelmedium – onderrigleierskap – regsraamwerk – bestuur – departementshoof – taalbeleid – pligstaat - werklading.


### 1.5.4 Geloofwaardigheid en betroubaarheid

Nieuwenhuis (2009:80) beklemtoon die volgende :"It is generally accepted that engaging multiple methods of data collection, such as observation, interviews and document analysis will lead to trustworthiness".

Ek het in hierdie studie gebruik gemaak van drie metodes van data-insameling, nl. waarnemings, onderhoude en dokumentanalise.

## 1.6 DIE KONSEPTUELE RAAMWERK

Figuur 2 (De Beer:2011)



Die diagram stel die konseptuele raamwerk voor waarin hierdie studie begrond is. Die departementshoof as onderrigleier se werklas word beïnvloed deur die volgende: Wetgewing, Regspraak, skool se taalbeleid en [1]sy pligstaat. Vervolgens volg 'n bespreking oor die faktore wat 'n invloed op die navorsing gehad het.

### 1.6.1 Wetgewing en die departementshoof

Al die rolspelers in die Suid-Afrikaanse onderwysomgewing word gereguleer deur relevante wetgewing. Dit sluit in die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika (RSA, 1996a), die Skolewet (RSA,1996b), die Nasionale Onderwysbeleidwet (RSA, 1996c), RSA (1998), die Wet op die Indiensneming van Onderwysers (RSA, 1998) en Die Personeel Administratiewe Maatreëls (RSA,1999). Die departementshoof as onderrigleier moet in die algemeen bewus wees van die wetgewing wat die beroep reguleer en in besonder van die relevante reëls, regulasies en maatreëls waarvolgens hy sy departement moet bestuur.

### 1.6.2 Regspraak en die departementshoof

Die volgende hofsake het betrekking op die navorsing:

- *Die Wes-Kaapse Minister van Onderwys en die Beheerliggaam van die Laerskool Mikro* [2005] 10 BCLR 973 (SCA)
- *Laerskool Middelburg en die Departementshoof van die Mpumalanga Departement van Onderwys* [2003] 4 SA160
- *Mpumalanga Department of Education and Another v Hoërskool Ermelo and Another (CCT40/09) [2009] ZACC 32 Seodin Primary School and Others v MEC of Education Northern Cape and Others (2) (77/04/01) [2005] ZANCHC 6; 2006 (4) BCLR 542 (NC)*

[1] Ter wille van die diskoers word *hy/hom* as persoonlike voornaamwoord gebruik.

Regspraak vorm deel van bronne van die Reg. Hierdie regspraak het 'n invloed op die werklas en die leierskaprol wat die departementshoof het. Al die bogenoemde sake het gehandel oor skole waar die taalbeleid verander is. Die skole se taalbeleid is deur die betrokke departemente van onderwys verander vanaf enkelmedium- na 'n parallelmediumskole.

### 1.6.3 Taalbeleid en die departementshoof

Wanneer 'n skool verander van 'n enkel- na 'n parallelmedium, verander die departementshoof se rol as onderrigleier. Malherbe (1943:35) sê dat daar dan twee tale van onderrig en leer(TVOL) in twee parallelle strome in dieselfde skool is. Daar is dus effektief twee afdelings in een gebou waar die een stroom in een TVOL onderrig ontvang en die ander stroom in 'n ander TVOL. Die departementshoof as onderrigleier in hierdie tipe skole het unieke uitdagings. Al die bestuur- en leierskapfunksies moet in twee tale gedoen word.

### 1.6.4 Pligstaat en werklas van die departementshoof

Die Personeel Administratiewe Maatreëls (1999) (hierna PAM) van die Departement van Onderwys beskryf onder andere wat die basiese posbeskrywing van elke posvlak in die onderwys behels. Departementshoofde moet tussen 85% en 90 % formele klasonderrig gee (artikel 3.3 van PAM). Artikel 4.4 van PAM verwys meer spesifiek na die pligte en verantwoordelikhede van die departementshoofde. Die departementshoof is die onderrigleier van 'n spesifieke departement. Dit kan vakgerig, leerareagerig of fasegerig wees.

Ali en Botha (2006:17) beskryf die rol van die departementshoof so: Dit behels die monitering van die onderwysers se rekords, direkte observering van die onderwyser wanneer klas gegee word, doelwitbeplanning vir verbetering in departemente en die evaluering van leerders se uitslae. Hierdie navorsing is gedoen deur die lens van onderrigleierskapteorie met inagneming van faktore soos in die diagram voorgestel. Departementshoofde as onderrigleiers by parallelmedium-laerskole se ervarings ten opsigte van hulle pligstaat, taalbeleid

en werklas vorm 'n belangrike fokus in hierdie studie.

### 1.6.5 Die departementshoof en sy pligstaat by 'n parallelmedium-skool

Hierdie studie kan moontlike leemtes ten opsigte van die departementshoof as onderrigleier by parallelmedium-skole in die literatuur aanvul. Die werklas van 'n departementshoof by 'n parallelmedium-skool verskil van die werklas van 'n departementshoof by 'n enkelmediumskool. Die skool se taalbeleid en die interpretasie van wetgewing het 'n invloed op hierdie onderrig-leierskaprol. In 2003 het die Afrikaanse enkelmediumskole afgeneem van 274 in 1999 na 155 (Du Plessis :2003: 4-5). Departementshoofde het dus al hoe meer in twee tale by hierdie betrokke skole bestuur.

### 1.6.6 Die departementshoof as onderrigleier

Wat sê die literatuur oor onderrigleierskap? Bush, Glover, Bischoff, Moloi, Heystek en Joubert (2006:11) in hulle omvattende literatuurstudie kom tot die gevolgtrekking dat daar baie beperkte materiaal oor die bestuur van onderrig en leer in Suid-Afrika bestaan. Volgens Bush et al. (2006:11) is daar geen literatuur oor hoe skoolhoofde en skoolbestuurders onderrigleierskap in hul skole gebruik om effektiewe onderrig en leer te bevorder nie. Hoadley en Ward (2008:5) sê dat ons kennis oor hoe skoolhoofde die kurrikulum in Suid-Afrika bestuur, min is. Daar is egter voldoende internasionale literatuur oor die term *onderrigleierskap*.

Hoadley en Ward (2009:34) omskryf onderrigleierskap as die verhouding tussen kurrikulum en leierskap. Departementshoofde as onderrigleiers moet die kurrikulum in hulle departemente effektief bestuur. Volgens Jenkins (2009:35) stel onderrigleiers duidelike doelwitte, hulle ken hulpbronne toe vir onderrig, bestuur die kurrikulum, monitor lesbeplanning en evalueer onderwysers. Flath (1989:19-22) sê onderrigleiers maak onderrig die nommer een prioriteit van die skool. Lashway (2002:160) sê weer dat onderrigleiers oor die volgende vaardighede moet beskik:

- Interpersoonlike vaardighede
- Beplanningvaardighede
- Onderrigvaardighede
- Navorsingvaardighede
- Evalueringvaardighede

"Onderrigleierskap bevat die aksies wat die skoolhoof inisieer of delegeer om groei in leerder-leer te bevorder" (Debevoise, 1984:14-20) en bevat die volgende take soos genoem deur Wildy en Dimmock (1993:44):

- Definieer die doel van skoolopleiding.
- Stel geheelskoolontwikkelingdoelwitte.
- Voorsien hulpbronne vir leer.
- Evaluering van en toesighouding oor onderwysers.
- Koördineer personeelontwikkeling.
- Skep kollegiale verhoudings met en tussen onderwysers.

Soos ons uit die literatuur agterkom, is daar egter nie 'n enkele definisie van onderrigleierskap nie maar verskeie verskillende definisies. Hierdie gebrek aan konsekwentheid in definisie kan 'n probleem wees. Soos Cuban (1984:132) sê : "Road signs exist, but no maps are yet for sale."

My studie fokus op die ervarings van die departementshoof as onderrigleier by parallelmedium-laerskole. Ali en Botha (2006:17) se definisie is egter voldoende vir die studie en beskryf die rol van die departementshoof doeltreffend soos volg: Dit behels die monitering van die onderwysers se rekords, direkte observering van die onderwyser wanneer klas gegee word, doelwitbeplanning vir verbetering in departemente en die evaluering van leerders se uitslae.

Daar is dus 'n leemte in die literatuur ten opsigte van die departementshoof as onderrigleier sowel as die invloed van die verandering van die taalbeleid op die werklas van die departementshoof. My navorsing behoort 'n bydrae tot die literatuur te lewer.

### 1.6.7 Parallelmedium

Die omgewing waarin ek my navorsing gedoen het, was die parallelmedium-laerskool. Ek het drie laerskole gekies wat hierdie taalbeleid in hulle skole volg. Hierdie skole bied twee of meer tale van onderrig en leer, waar verskillende leerders in verskillende klasse in dieselfde graad onderrig ontvang in twee verskillende tale. Die taalbeleid van 'n parallelmedium-skool het moontlik 'n invloed op die departementshoof se taak as onderrigleier by hierdie betrokke skole.

## 1.7 OPSOMMING

Die agtergrond van hierdie studie wys daarop dat 'n beduidende aantal skole se taalbeleid verander van enkelmedium (Afrikaans) na parallelmedium (Afrikaans – Engels). Hierdie verandering het 'n invloed op die departementshoof se bestuurs- en leierskaprol. 'n Kwalitatiewe gevallestudie is gebruik om data in te samel by drie afrikaans-sprekende departementshoofde. Drie laerskole wat se taalbeleid verander het van enkelmedium na parallelmedium is met behulp van 'n doelgerigte steekproef gekies. Die konseptuele raamwerk dui die gefokus aan en aspekte soos wetgewing, regspraak, taalbeleid, pligstaat, parallelmedium en onderrigleierskap word ondersoek.

# HOOFSTUK 2: ONDERRIGLEIERSKAP EN DIE DEPARTEMENTSHOOF BY PARALLELMEDIUM-SKOLE

## 2.1 INLEIDING

Dié hoofstuk bevat die literatuurstudie oor onderrigleierskap en verwante onderwerpe soos wetgewing, regspraak, die departementshoof en parallelmedium-skole. Die doel van hierdie literatuurstudie is om my navorsingsvraag, die ervarings van departementshoofde as onderrigleiers in parallelmedium-skole, te ondersoek en te beskryf

## 2.2 REGSRAAMWERK

Die regsraamwerk en relevante regspraak vorm deel van hierdie literatuurstudie. Departementshoofde as onderrigleiers moet binne die raamwerk van die reg hulle beroep beoefen. Daar kan nie effektief leiding gegee of doeltreffend bestuur word as die departementshoof homself nie vergewis van die regsraamwerk nie.

### 2.2.1 Die Grondwet van Suid-Afrika

Die Grondwet (RSA,1996a) (hierna Grondwet) bepaal in artikel 2 dat die Grondwet die hoogste reg van die Republiek is en dat enige ander regsvoorskrif onderhewig daaraan is. Behalwe vir die Grondwet is die volgende wetgewing ook belangrik vir hierdie navorsing:Die Suid-Afrikaanse Skolewet (RSA,1996b), Nasionale Onderwysbeleidwet (RSA,1996c), Wet op die Indiensneming van Onderwysers (RSA,1998) en Die Personeel Administratiewe Maatreëls (RSA,1999).

Volgens Artikel 1 van die Grondwet is die Republiek van Suid-Afrika een soewereine demokratiese staat gegrond op die volgende waardes, naamlik menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede, en nie-rassigheid en nie-seksisme. Vir die onderwys beteken dit dat

onderwysers, leerders en ouers menseregte sentraal in hulle handelinge met mekaar sal plaas. Meer spesifiek moet die departementshoof in sy onderrigleierskaprol fokus op menswaardigheid, gelykheid, nie-rassigheid en nie-seksisme in sy departement.

Die amptelike tale van Suid-Afrika word in artikel 6(1) van die Grondwet beskryf en in artikel 6(2) word daar genoem dat daar daadwerklike maatreëls getref moet word deur die staat om die status van inheemse tale te verhoog en hulle gebruik te bevorder. Wanneer 'n skool se taalbeleid verander, sal dit 'n invloed op die onderrig-leierskaprol van die departementshoof hê. Die taak van die departementshoof by ʼn parallelmedium-skool verskil van dié van ʼn departementshoof by ʼn enkelmediumskool. Die departementshoof as onderrigleier by ʼn parallelmedium-skool moet al sy bestuurtake en dokumentasie in Afrikaans en Engels beskikbaar stel en uitvoer. In die Nasionale Taalbeleidraamwerk se voorwoord deur Dr. D.S. Ngubane (2002), die gewese Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, sê hy dat elke mens het ‗n natuurlike moedertaal wat hy gebruik om sy idees en drome, gedagtes en waardes, ondervindinge en tradisies te verwoord. Dit is deur die individu se moedertaal dat hy funksioneer in hierdie veranderende wêreld.

In Artikel 9(3) van die Grondwet word die staat se verantwoordelikheid ten opsigte van diskriminasie uitgespel: Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, waaronder taal ook spesifiek genoem word. Die staat moet dus gelykheid ten opsigte van taal beskerm en bevorder. Departementshoofde in diens van die onderwysdepartement is staatamptenare en het 'n inherente plig om taalregte te beskerm.

Een van die waardes wat die Grondwet uitlig, is menswaardigheid. Artikel 10 van die Grondwet verwys spesifiek daarna: "Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word." Daar is

verskillende uitdagings vir die onderrigleier in 'n parallelmedium-skool met betrekking tot menswaardigheid. Onderwysers moet ten volle tweetalig wees sodat hulle met selfvertroue in Afrikaans en Engels kan klas gee. Dit sal verseker dat hulle menswaardigheid nie as gevolg van taal aangetas word nie. Leerders kan vinnig agterkom as die onderwysers hulle nie kan uitdruk in 'n spesifieke taal nie. Wanneer 'n departementshoof onseker as leier van die departement voorkom, kan dit 'n invloed op sy menswaardigheid en sy rol as leier en bestuurder uitoefen. Verder verwys artikel 29(1)(a) van die Grondwet na die reg op basiese onderwys wat beïnvloed kan word deur die onderwyser se taalvaardigheid.

Wanneer die onderwyser nie die Taal van Onderrig en Leer (TVOL) kan praat nie, sal dit die reg op basiese onderwys beïnvloed. Leerders kan sekere konsepte dalk nie verstaan nie wat hulle reg op basiese onderwys kan beïnvloed. 'n Ander toepaslike artikel van die Grondwet is Artikel 29(2) wat bepaal dat elkeen die reg het om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang, in die amptelike taal of tale van eie keuse waar sodanige onderwys redelikerwys doenlik is. Departementshoofde by parallelmedium-skole moet hulle departemente bestuur volgens die voorskriftelike bepalings en waardes van die Grondwet.

### 2.2.2 Die Suid-Afrikaanse Skolewet

Die Suid-Afrikaanse Skolewet (RSA,1996b) (hierna die Skolewet) spreek spesifiek tot die onderwys. Die aanhef tot die Skolewet fokus op 'n nuwe nasionale onderwysstelsel geskoei op die volgende belangrike waardes en doelwitte:

- Om onregte in onderwysvoorsiening van die verlede reg te stel.
- Om die demokratiese transformasie van die gemeenskap te bevorder.
- Om rassisme en seksisme en alle ander vorms van onregverdige diskriminasie en onverdraagsaamheid te bekamp.

- Om die verskeidenheid van kulture en tale te beskerm en te bevorder.
- Om die regte van alle leerders, ouers en opvoeders te erken.
- Om onderwys van hoë gehalte aan alle leerders te voorsien.

Artikel 6 van die Skolewet verwys spesifiek na die taalbeleid van openbare skole. Aldus Artikel 6(1) moet die Minister in die Staatskoerant norme en standaarde vir taalbeleid in openbare skole na oorlegpleging met rolspelers publiseer. Die Nasionale Onderwys Departement het reeds in 1997 hierdie norme en standaarde gepubliseer (Nasionale Onderwysdepartement:1997). Na aanleiding van hierdie norme en standaarde moet die staat sekere taaldoelwitte volgens die Grondwet bevorder, ontwikkel en uitbrei. Die fokus word op die individu se taalregte, die bevordering van meertaligheid en die aanspreek van ongeregtighede van die verlede in skole geplaas. In terme van artikel 3(4)(m) en artikel 4(a)(5) van die Nasionale Onderwysbeleid Wet is die Taal in Onderwysbeleid (RSA,1997) gepubliseer (Nasionale Onderwys Departement:1997). Die voorwoord van die Taal in Onderwysbeleid fokus op moedertaalonderrig sowel as die aanleer van ander tale as leerareas as 'n opsie, en gestruktureerde meertaligheid as 'n ander opsie. Skole kan dus enkel-, dubbel-, of parallelmedium wees. Departementshoofde moet deeglik bewus wees van bogenoemde regulasies wat die taalbeleid aanspreek. Parallelmedium-skole en dubbelmedium-skole bevorder ook veeltaligheid. Artikel 6(2) van die Skolewet bepaal dat skoolbeheerliggame die taalbeleid mag saamstel in terme van die Grondwet en ander toepaslike wetgewing. Die beheerliggaam het dus 'n belangrike bevoegdheid om te vervul ten opsigte van die taalbeleid. Artikel 6(3-4) in die skolewet fokus op diskriminasie ten opsigte van die taalbeleid. Daar mag teen geen leerder gediskrimineer word ten opsigte van die opstel van die taalbeleid en die toelatingbeleid nie.

### 2.2.3 Die Wet op Indiensneming van Onderwysers

Die Wet op Indiensneming van Onderwysers (RSA, 1998) fokus op regulasies met

betrekking tot diensvoorwaardes, dissipline, aftrede en ontslag van onderwysers. In hierdie navorsing fokus ek op diensvoorwaardes (artikel 4 en 5), aanstellings (6 en 7) en oorplasings (artikel 8). Wanneer 'n departementshoof aangestel word, is diensvoorwaardes ter sprake. Wanneer 'n skool se taalbeleid verander, sal dit die bestuur van 'n departement beïnvloed. Oorplasing van een skool na 'n ander met 'n taalbeleid wat verskil sal ook 'n invloed hê op die pligte en werklading van die departementshoof al bly die diensvoorwaardes dieselfde. Artikel 7(1a) van die Wet op die Indiensneming van Onderwysers fokus ook op die vermoë en menswaardigheid van die onderwyser. 'n Onderwyser se menswaardigheid kan aangetas word as sy pligte ten opsigte van taal verander. As 'n onderwyser nie die taal kan praat nie, sal die onderwyser onseker wees en dit sal sy vermoë om sy taak professioneel uit te voer, beïnvloed.

Die betoog wat volg, fokus op die posbeskrywing van die departementshoof soos vervat in die Personeel Administratiewe Maatreëls(RSA,1999).

## 2.3 DEPARTEMENTSHOOF: POSBESKRYWING

Die Personeel Administratiewe Maatreëls (RSA, 1999) (PAM) beskryf onder andere wat die basiese posbeskrywing van elke posvlak in die onderwys behels. Vir hierdie navorsing sal daar net op die posbeskrywing van 'n departementshoof (posvlak 2) gefokus word. Departementshoofde moet tussen 85% en 90 % formele klasonderrig gee (artikel 3.3 van PAM). Artikel 4.4 van PAM verwys meer spesifiek na die pligte en verantwoordelikhede van die departementshoof.

Vervolgens 'n opsomming van die posbeskrywing en omskrywing van die kernpligte van die departementshoof.-

- Posbeskrywing
  - Klasonderrig, effektiewe funksionering van die departement, organisasie van relevante buite-kurrikulêre aktiwiteite, vak-, leerarea- en/of fasehoof en effektiewe onderrig van leerders in sy departement.

- Kernpligte:
  - Onderrig (om 'n klasonderwyser te wees, om 'n registeronderwyser te wees indien nodig, assessering en rekordering van leerders).
  - Ko-kurrikulêre aktiwiteite (is in beheer van vak- of leerarea of -fase, gesamentlike ontwikkeling van beleid vir die departement, koördinering van evaluering, assessering, huiswerk, en skriftelike werk in al die leerareas in die departement, leiding t.o.v. die nuutste idees en benaderings aan ervare en onervare personeel, kontrole van leerders en onderwysers se werk, rapportering aan die hoof en die opstel van vraestelle en memorandums.
  - Personeel (adviseer hoof ten opsigte van werkverdeling van personeel, personeelontwikkeling met behulp van geïntegreerde kwaliteitbestuurstelsel – GKBS of IQMS).
  - Algemene en administratiewe take (help met beplanning en bestuur van skoolvoorraad en skrifte, begroting van die departement, opstel van die skoolrooster, noodhulp en ontruimingprosedures, help met skoolfinansies en verwante gevalle, ongelukke by die skool, om waar te neem as die hoof en adjunkhoof afwesig is).
  - Kommunikasie (kommunikasie met departement, opvoeders, ouers en leerders om effektiewe skakeling en onderrig te verseker).

Enkele implikasies op die kernpligte van 'n departementshoof by 'n parallelmediumskool:

- Klasonderrig in twee tale
- Assessering in twee tale
- Rekordering in twee tale
- Leerareabeleiddokumente in twee tale
- Departementele beleid in twee tale
- Huiswerkblaaie in twee tale
- Voorbereiding en beplanning in twee tale
- Nasienwerk in twee tale

- Skriftelike werk in twee tale
- Leiding aan personeel in twee tale
- Kontrole van leerders en onderwysers se werk in twee tale
- Vraestelle en memorandums in twee tale
- Personeelvoorsiening moet so gedoen word dat die personeel die leerarea-inhoud in albei tale kan doseer
- Ouditeursverslae en begroting van die skool en departement in twee tale
- Skoolroosters moet in albei tale beskikbaar wees
- Kommunikasie aan personeel, ouers en leerders moet in albei tale gedoen word.

Al hierdie bogenoemde take en pligte gaan moontlik meer wees by parallelmedium- en dubbelmedium-skole want die Taal van Onderrig en Leer (TVOL) is twee tale ( bv. Afrikaans en Engels). Die Taal van Onderrig en Leer is die voertaal by ’n skool, d.w.s. die taal waarin onderrig geskied. My navorsing se doel is om by hierdie literatuurstudie aan te sluit en die implikasie van parallelmedium-onderrig op die departementshoof se pligstaat te ontsluit.

## 2.4 PARALLELMEDIUM-SKOLE

Dit is belangrik vir hierdie studie om die verskillende opsies ten opsigte van taal en taalbeleid in die Suid-Afrikaanse konteks te bespreek. Alhoewel die fokus van my navorsing parallelmedium-skole is, is dit ook nodig om die ander opsies te noem en te bespreek. Volgens Artikel 6(1) van die Skolewet is die Minister van Onderwys na oorlegpleging met alle rolspelers verantwoordelik vir die vasstelling van hierdie norme en standaarde vir die taalbeleid in openbare skole. Die Nasionale Onderwysdepartement het in 1997 hierdie norme en standaarde gepubliseer (RSA,1997). Dit sluit aan by artikel 29(2) van die Grondwet wat bepaal dat elkeen die reg het om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang, in die amptelike taal of tale van eie keuse waar sodanige onderwys redelikerwys doenlik is. Hierna volg 'n omskrywing en beskrywing van die drie soorte skole in Suid-Afrika met betrekking tot taal.

### 2.4.1 Enkelmediumskool

By enkelmediumskole word een taal gebruik as die taal van onderrig en leer (TVOL). Onderwysers onderrig byvoorbeeld al die leerareas in isiZulu. In 2009 gee die Minister van Basiese Onderwys, Me. A. Motshekga die volgende antwoord op wat 'n enkelmedium-skool in Suid-Afrika is: " It is a school that uses one language of learning and teaching for all learners in a school, in all grades"(Motshekga:2009).

### 2.4.2 Dubbelmediumskool

Pluddeman, Braam, October en Wababa (2004:18) se definisie omskryf dubbelmedium-skole soos volg: "Dual-medium education is understood to mean the systematic use of two languages for teaching, learning and assessment, both orally and in writing; learners thus experience the curriculum through the medium of two languages. The strong version of dual-medium education implies full equality of the two LoLTs [Language of Learning and Teaching] with regard to teaching time, availability of learning support materials, assessment and administration." Onderwysers onderrig dus die leerareas in twee verskillende tale (TVOL) aan dieselfde leerders in die dieselfde klas op dieselfde tyd.

### 2.4.3 Parallelmediumskool

Pluddeman et al. (2004 :18) sê dat twee TVOL in twee parallelle strome in dieselfde skool gebruik word. Daar is dus effektief twee afdelings in een gebou waar die een stroom in een TVOL onderrig ontvang en die ander stroom in 'n ander TVOL. Motshekga (2009) omskryf 'n parallelmedium-skool soos Pluddeman : " It's a school that offers two or more media of instruction in different classes in the same grade for all grades of the school." Die departementshoof as onderrigleier in hierdie tipe skool het unieke uitdagings. Al die bestuur- en leierskapfunksies moet in twee tale gedoen word deur slegs een

departementshoof. Parallelmediumonderrig het ook 'n beduidende finansiële implikasie vir die betrokke instansies want alle dokumente moet in twee tale beskikbaar wees.

## 2.5 REGSPRAAK OOR TAALBELEID IN SUID-AFRIKA

Verskeie hofsake in die afgelope paar jaar het die aandag op taal en taalbeleid in skole gevestig. Die onderrigleier moet verskillende uitsprake oor oënskynlik dieselfde taalbeleid kwessies deeglik bestudeer. In die saak tussen *Die Wes-Kaapse Minister van Onderwys en die Beheerliggaam van die Laerskool Mikro* 2005 10 BCLR 973 (SCA) (hierna Mikro) is die skool deur die provinsiale onderwysdepartement gedwing om sy taalbeleid te verander na parallelmedium. In die saak tussen *Laerskool Middelburg en die Departementshoof van die Mpumalanga Departement van Onderwys* 2003 4 SA160 (T)(hierna Middelburg) het die departement ook die skool gedwing om na parallelmedium te verander.

Die hofsake handel oor dieselfde beginsel maar die uitspraak verskil. In die Laerskool Mikrosaak is daar 'n skool wat nader aan die Engelssprekende leerders se woonplek is. Die Laerskool Middelburg-saak se uitspraak berus op die "beste belang van die kind-regsbeginsel" wat in hierdie saak toegepas is. Die Laerskool Middelburg-saak het te lank gesloer en leerders sal benadeel word as hulle weer verskuif word. Twee ander belangrike hofsake wat ook handel oor die verandering van die taalbeleid by skole is die *Mpumalanga Departement van Onderwys en andere v Hoërskool Ermelo en andere (CCT40/09) [2009] ZACC 32* (hierna Ermelo)en die *Seodin Primêre Skool en andere v Minister van Onderwys, Noord Kaap en andere [2005] JOL 15976 (NC).(hierna Seodien)* In die saak tussen Seodin en die Minister van Onderwys in die Noord-Kaap beslis die regter dat die skole nie 'n taalbeleid gehad het nie, en dat dit hartseer sal wees as die kinders van die Noord-Kaap ongeletterd sal bly net om 'n skool se taalstatus te behou.

In die geval van Hoërskool Ermelo probeer die hoof van die Mpumalanga Onderwysdepartement, die beheerliggaam se funksie om die taalbeleid van die

skool te bepaal, weg te neem. Die hooggeregshof beslis egter dat die Minister van Onderwys, nie die funksie van die beheerliggaam om taalbeleid te verander, kan wegneem nie. Die gevolge van hierdie verandering van taalbeleid het implikasies vir die bestuurders van die skool in die algemeen en die departementshoof as onderrigleier in die besonder. Die verandering van 'n skool se taalbeleid, hetsy deur die ouers self of die departement van onderwys, word nie deur die departementshoof bepaal nie. Hierdie verandering het wel in 'n invloed op die departementshoof se bestuur- onderrigleierskap. Regspraak is dus belangrik vir my navorsing want hofuitsprake vorm deel van die bronne van die reg en het betrekking op die onderrigleierskaprol van die departementshoof. Departementshoofde moet hulle departemente dus reg bestuur sodat die beste belang van die kind, in hierdie geval basiese onderwys in die taal van hul keuse, tot sy reg sal kom. Regspraak speel 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse Skolereg en presedente wat so geskep word, rig ons denke en besluitneming. 'n Wesenlike vraag is of die bestuur van parallelmedium-skole, en meer spesifiek die departementshoof, toegerus is om sy departement in 'n parallelmedium-skool menswaardig en nie-diskrimenerend ten opsigte van taal te bestuur? Artikel 29(2) van die Grondwet sê: "Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmedium-instellings, oorweeg, met inagneming van

(a) billikheid;

(b) doenlikheid; en

(c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel." Skole se taalbeleid kan dus verander sodat leerders toegang kan kry tot skole waartoe hulle voorheen nie toegang gehad het nie. Dit impliseer in sekere gevalle 'n verandering in TVOL, wat gaan veroorsaak dat die departementshoof se werk verdubbel want al sy

take en pligte word in Afrikaans en Engels gedoen.

## 2.6 ONDERRIGLEIERSKAP

Daar is verskeie toepaslike definisies van onderrigleierskap vanuit die onderwys-milieu beskikbaar in die literatuur. Dit is noodsaaklik vir my navorsing om die begrip *onderrigleierskap* duidelik te definieer en te omskryf. Eerstens is dit nodig om *onderrig* en *leierskap* te omskryf voordat ek op *onderrigleierskap* fokus.

Harris, Mcintyre en Long (1985:6-8) is van mening dat die aktiwiteite van die onderwysers primêr onderrig is en die unieke taak van die skool onderrig is. Onderrig is enige aktiwiteit wat gedoen word in 'n georganiseerde konteks wat direk verband hou met die leerproses en dit sluit die leerder, onderwyser, leermateriaal, fasiliteite, skedules, ens. in. Pansiri (2008:476) maak dit duidelik dat 'n skool die fokuspunt is waar alle fasette wat leer fasiliteer (fisiese en menslike hulpbronne) op onderrig neerkom. Onderrig is eenvoudig gestel, die gee van opdragte, onderrig en die verskaffing en oordrag van kennis. Interessante sinonieme vir die woord onderrig is afrig, tutor, inoefen, oplei, opdrag gee en indoktrineer. Onderrig omvat die interaksie tussen onderwysers, tussen onderwysers en leerders, tussen leerders en tussen die skool en die gemeenskap en "onderrig beteken ook verder die interaksies tussen onderwyser en kurrikulummateriaal om 'n kwaliteit leerder in 'n leeromgewing daar te stel" (Pansari:2008:476).

Met die fokus op *leierskap* definieer Reichwald, Siebert en Moslein (2004:184-186) leierskap as die interaksie tussen die wat lei en die wat volg. Mastrongela, Eddy en Lorenzet (2004) stel die konsep *professionele leierskap* bekend waarin hulle sê dat professionele leierskap insluit rigtinggewend, prosesse en die koördinering van die lede van die organisasie om die doelwitte van die organisasies te bestuur of te verander. Die kernbegrippe is rigting, prosesse en koördinasie. Pansari (2008:475) is van mening dat hierdie begrippe, rigting, prosesse en koördinasie impliseer dat leierskap die volgende moontlik maak:

- Die bepaling van die organisasie se visie en missie.
- Die ontwerp van 'n stelsel om die organisasie se doelstellings en doelwitte te bereik.
- Die organisasie en kombinasie personeel en ander hulpbronne vir die implementering van bedrywighede.

Ek is daarom van mening dat 'n leier iemand is was 'n groep mense kan laat saamwerk om 'n gedeelde ideaal effektief te laat realiseer.

Vervolgens word 'n beskouing vanuit literatuur van die term *onderrigleierskap gegee*. Ek ondersteun Parker en Day (1997:87) se omskrywing van *onderrigleierskap*, met hulle fokus op die skoolhoof :

- Onderrigleiers definieer en kommunikeer 'n duidelike visie en missie wat effektiewe onderrig en leer laat realiseer.
- Onderrigleiers bestuur die kurrikulum en onderrig. Onderrigtyd word optimaal benut en die hoof ondersteun die onderrigprogram en voorsien voldoende hulpbronne.
- Onderrigleiers hou toesig oor hulle onderwysers en gee leiding en ondersteuning sodat effektiewe onderrig en leer plaasvind. Die fokus is op personeelontwikkeling waar verrykingkursusse en -programme beskikbaar is.
- Onderrigleiers moniteer die leerproses deur gebruik te maak van assessering. Hierdie assesseringresultate word gebruik om leerders en onderwysers se vordering te meet. Dit word ook gebruik om leerders se vordering aan ouers te kommunikeer.
- Onderrigleiers bevorder die onderrigprogram deur 'n positiewe klimaat vir onderrig en leer te skep. Leer moet 'n opwindende ervaring wees.

Mark en Printly (2003:371) verskil egter in hulle omskrywing van die term *onderrigleierskap* wat gesteun word deur Glickman (1989:6) waar hulle sê dat die onderrigleierskap nie meer 'n hiërargiese en prosedurele konsep met die fokus op die hoof is nie, maar vervang *onderrigleierskap* met die term *gedeelde*

*onderrigleierskap*. Glickman (1989:6) beskryf dit soos volg: " The principal is not the sole instructional leader, but the "leader of instructional leaders." Ek vereenselwig my met hierdie omskrywing en denkrigting. Die hoof kan nie op elke gebied 'n kenner en meester wees nie, en daarom maak hy gebruik van sy personeel as onderrigleiers. Gedeelde onderrigleierskap behels die aktiewe deelname van die hoof en personeel met betrekking tot die kurrikulum, onderrig en assessering. Die skoolhoof en sy personeel deel die verantwoordelikheid vir personeelontwikkeling, kurrikulumontwikkeling en toesighouding oor onderrig en leer. Mangin (2007:320) se bydrae bevestig dat die skoolhoof baie take het en ook nog die rol van onderwys-onderrigleier bygekry het. Murphy (2005:43) wys daarop dat 'n skoolhoof as "onderrigleier van onderigleiers" sy verantwoordelikhede kan deel en so sy taak ten opsigte van onderrigleierskap verminder.

"Hierdie skoolgebaseerde leierskapposisie het ten doel om eerstens die onderwysers se onderrig te verbeter wat weer die studente of leerders se akademiese prestasie sal verbeter" (Smylie, Connely & Marks: 2002:162-168,187-189).

Die konsep van onderrigleierskap wat die meeste gebruik word is Hallinger en Murphy (1985:217-222) se onderrigleierraamwerk. Die model het drie dimensies: die omskrywing van die skool se missie, die bestuur van die skool se onderrigprogram en die bevordering van 'n positiewe leerklimaat by 'n skool. Hierdie drie afdelings of dimensies word verder verfyn in tien onderrigleierskapfunksies.


Dimensie een bestaan uit twee onderrigleierskapfunksies, naamlik die beskrywing van die skool se missie en visie en tweedens die kommunikasie van hierdie visie en missie met personeel, ouers, leerders en die gemeenskap.

Die tweede dimensie het drie onderrigleierskapfunksies. Eerstens die effektiewe koördinering van die kurrikulum; Tweedens moet daar toesig gehou word oor die onderrig en dit moet geëvalueer word; laastens moet die leerders se vordering gemonitor word. Hierdie drie funksies vereis dat die onderrigleier nou betrokke

moet wees by die ontwikkeling van onderrig.

Die derde dimensie het vyf onderrigleierskapfunksies. Dit sluit in die effektiewe gebruik van onderrigtyd, die professionele ontwikkeling van personeel, sigbaarheid van die onderrigleier en die verskaffing van insentiewe vir onderwysers en leerders (Raadpleeg figuur 3 ).

Figuur 3 : Onderrig-bestuurraamwerk ( Hallinger & Murphy:1985)



### 2.6.1 Onderrigleierskap en die departementshoof

Hierdie navorsing fokus op die onderrigleierskaprol van die departementshoof by parallelmedium-skole. Die literatuur bied 'n duidelike definisie van 'n onderrigleier. Leithwood en Duke (1999:47) sê dat onderrigleiers tipies fokus op die gedrag en optrede van onderwysers wanneer hulle direk besig is met aktiwiteite wat die ontwikkeling van leerders beïnvloed. Hoadley en Ward (2009:54) omskryf *onderrigleierskap* vir my beter wanneer hul sê dat dit verwys na die verhouding tussen kurrikulum en leierskap. Wat is die rol van die departementshoof ten opsigte van die kurrikulum in sy departement as die skool twee tale van onderrig en leer het? Kruger (2003:246) omskryf *onderrigleierskap* soos volg. Hy sê dat dit 'n veeldoelige taak is wat mens- en taakgeoriënteerde bestuurtake kombineer om 'n effektiewe leeromgewing daar te stel. Ek stem veral saam met Budhal (2000:18) wat die bestuur van die onderrigprogram soos volg uitdruk: Die onderrigleier moet die onderrig en kurrikulum koördineer, toesig hou oor onderrig, dit evalueer en ook die leerproses monitor. Hierdie onderrigleierskaptaak van die departementshoof geskied in ’n parallelmedium-skool en dit impliseer ’n dubbele werklading.

Sheppard (in Blase & Blase, 1998:11) noem die volgende handelinge van die onderrigleier:

- Koördineer die kurrikulum.
- Hou toesig oor onderrig.
- Evalueer onderrig.
- Moniteer die leerproses.
- Wees sigbaar.
- Professionele ontwikkeling van personeel.

Vervolgens sê Bush et al. (2010:162-164): ”Departementshoofde het die verantwoordelikheid om effektiewe onderrig en leer in hul departemente te verseker.” Departementshoofde is dus die onderrigleiers wat onderrig en leer in hulle departemente moet lei, bestuur en verbeter binne relevante wetgewing.

Wanneer ons meer spesifiek fokus op die departementshoof se rol omskryf Ali en Botha (2006:17) dit soos volg: Dit behels die monitering van die onderwysers se rekords, direkte observering van die onderwyser wanneer klas gegee word, doelwitbeplanning vir verbetering in departemente en die evaluering van leerders se uitslae. Robinson (2007:21) reken dat hoe nader onderrigleiers aan die kernfunksie van onderwys naamlik onderrig en leer is, hoe groter is die impak op leerders en onderwysers. Die definisies hierbo omskryf *onderrigleierskap* deeglik. Die departementshoof is 'n onderrigleier wat in 'n tweetalige werkomgewing leiding moet gee ten opsigte van die kurrikulum. Dit impliseer besondere uitdagings soos bv. vergaderings wat in twee tale gelei moet word of beleidstukke wat in Afrikaans en Engels opgestel moet word. In hierdie navorsing het ek deur middel van onderhoude, waarneming en dokumentanalise bevestig wat in die literatuur beskikbaar is oor onderrigleierskap. Ek het ook meer spesifiek gefokus op die departementshoof in sy natuurlike omgewing, d.w.s. as 'n onderrigleier by 'n parallelmedium-skool vanuit 'n regsperspektief.

### 2.6.2 Taalvaardigheid van die departementshoof as onderrigleier

Die gedwonge " Een-Taal" onderrigmodel van apartheid Suid-Afrika is iets van die verlede. Sedert 1994 het die diversiteit van die land se bevolking gelei tot 'n meertalige taalbeleid wat al die taalregte van die verskillende bevolkinggroepe aanspreek. Die amptelike tale van Suid-Afrika word in artikel 6(1) van die Grondwet (RSA1996a) beskryf en in artikel 6(2) word daar genoem dat daar daadwerklike maatreëls getref moet word deur die staat om die status van inheemse tale te verhoog en hulle gebruik te bevorder. Die departementshoof by 'n parallelmedium-skool se taalvaardigheid ten opsigte van die twee betrokke tale moet baie goed wees. Dit is nie net 'n verskynsel in skole nie maar ook op tersiêre vlak. Hornberger (2001:27-28) ervaar dit ook tydens 'n besoek aan die Randse Afrikaanse Universiteit waar sy tydens 'n lesing waarneem dat daar verskillende rassegroepe teenwoordig is wat verskeie tale, waaronder Afrikaans, Engels en Portugees, praat.

Kaplan en Baldauf se werk brei uit op die taalevolusie en taalomgewing temas. Hulle beklemtoon dat beplanning nie geïsoleerd met een taal kan geskied nie maar die ander taal/tale moet insluit (Kaplan & Baldauf:1997:271).

Die departementshoof by 'n parallelmedium-skool moet die diversiteit van die leerders in ag neem wanneer die departement gelei word. Die departementshoof moet ook ten volle tweetalig wees en hy moet vaardig wees in albei tale.

### 2.6.3 Onderrigleierskap in skole

Southworth (2002:73-76) fokus in sy studie op die konsep *onderrigleierskap* en dan op die behoefte om leer- en onderrigskole te ontwikkel. Een van sy bevindinge is dat interaksie die kern is van effektiewe onderrigleierskap. Onderwysers verbeter slegs wanneer hulle goeie ondersteuning en leiding kry. Vir effektiewe interaksie moet die leiers oor verskeie vaardighede beskik, soos onder meer klaskamerobservasie, data-insameling, identifisering van die vlak van ontwikkeling van onderwysers en reflektiewe kommunikasievaardighede. Effektiewe onderrigleiers moet self klas gee en die kurrikulum verstaan. Onderrigleierskap in skole beteken dus dat die leiers, in hierdie geval die departementshoofde, hulleself moet voorstel as uitstekende onderwysers wat 'n kenner is op hul gebied. Spillane, Hallett en Diamond (2003: 29) maak 'n interessante afleiding in hul studie oor onderrigleierskap in skole. 'n Onderwyser gaan gewoonlik nie na leiers wat aangestel is in 'n sekere "posisie" as hy leiding nodig het oor die kurrikulum en onderrig nie. Onderwysers sien hierdie persone nie as onderrigleiers nie en gaan vra ook nie raad by hulle nie. Die meerderheid onderwysers in Spillane et al. (2003: 30) se studie het aangedui dat "ander persone" genader word vir onderrighulp as die leier wat in die posisie aangestel is. Departementshoofde moet bewus wees van hierdie bevinding en daarom meer toeganklik wees vir onderwysers.

### 2.6.4 Die skoolhoof en onderrigleierskap

Die departementshoof is aangewese op die skoolhoof vir primêre leiding en ontwikkeling ten opsigte van sy eie rol as onderrigleier. Die skoolhoof as onderrigleier moet leiding neem in die totale kurrikulumimplementering en bestuur. Sy take en pligte word hieronder uitgelig. Dit kan nie geskei word van die departementshoof se rol as onderrigleier nie.

As daar op die skoolhoof gefokus word, is daar volgens Krug (1992:432-433) vyf basiese elemente wat 'n onderrigleier onderskei:

- Die definiëring van die missie van die skool
- Die bestuur van die onderrig en die kurrikulum
- Toesighouding oor onderrig
- Die monitering van leerder vordering
- Die bevordering van die onderrigprogram

Bush et al. (2010:167) sê ook dat dit belangrik is dat skoolhoofde onderrig en leer as 'n hoë prioriteit stel en nie net in hul kantore moet sit nie. Skoolhoofde moet self goeie onderwysers wees wat leiding kan gee t.o.v. onderrig en leer. Skoolhoofde moet dus lei deur hulle voorbeeld. Fink en Resnick (2001:598-600) sê egter dat dit nie gebeur in skole nie. Skoolhoofde moet die onderrigleiers wees, maar hulle dae word eerder gevul met bestuurtake, skedulering, terugrapportering en die hantering van ouers en gemeenskapverhoudinge. Die meeste skoolhoofde spandeer weinig of geen tyd in die klaskamer en nog minder tyd om onderwysers te analiseer. Soms reël hulle vergaderings wat handel oor professionele ontwikkeling maar gee nie werklik intellektuele leierskap met die doel om onderwysers te laat groei in onderrigvaardigheid nie.

In die praktyk werk die departementshoof nader aan die onderwysers en het dus 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van onderrigleierskap. Die effektiewe bestuur van 'n skool se onderrigprogram is een van die sleutel skoolbestuuraspekte wat 'n effektiewe leer- en onderrigkultuur bevorder

(Chisholm & Vally :1996:24-29). Soos vroeër genoem is skoolhoofde se werklas egter baie veeleisend en Budhal (2000:45) bevestig dit weer. Kruger (2003:206) sê dat skoolhoofde se verantwoordelikhede verskuif het van onderrigleiers na besigheidbestuurders. Skoolhoofde bestuur deesdae skole soos besighede. Dit impliseer 'n verskuiwing van verantwoordelikhede soos onderrigleierskap na ander lede van die bestuurspan by 'n skool.

Blase en Blase (1999: 134) sê in die voortdurende ontwikkeling en voorbereiding van onderrigleierskap moet die beheer van die skoolhoof onderbeklemtoon word. Skoolhoofde is dus nie die enigste onderrigleiers in skole nie. Departementshoofde en selfs onderwysers kan ook onderrigleiers wees. Departementshoofde se rol as onderrigleiers word dus groter en belangriker.

### 2.6.5 Ontwikkeling van 'n onderrigleier

Skoolhoofde en hul bestuurspan sowel as die personeel moet voortdurend ontwikkel word. Lasway (2002:4) beklemtoon die volgende strategie wanneer onderrigleiers hulself wil ontwikkel. Dit behels die "deurloopstrategie". Dit begin met 'n vergadering waar die doelstellinge en doelwitte hersien word. Dan volg die evaluering van data wat individuele leerlinge insluit sowel as die beperking van onderwysers se prestasievlakke. Die onderrigleier besoek dan elke klas waar daar interaksie plaasvind met leerders en onderwysers. Die doel van hierdie "deurloopstrategie" is om toesig te hou sowel as om personeel te ondersteun.

MacEvan (2000:4) fokus weer op sewe stappe wanneer effektiewe onderrigleiers ontwikkel word:

- Ontwikkel en implementeer onderrigdoelstellings.
- Wees daar vir jou personeel.
- Bevestig 'n kultuur en klimaat wat leer bevorder.
- Kommunikeer die visie en missie van jou skool.
- Stel hoë standaarde en verwagtinge vir jou personeel.
- Ontwikkel jou personeel.

- Onderhou en bou positiewe verhoudinge met leerders, personeel en ouers.

Departementshoofde as onderrigleiers kan nie stagneer nie en hulle moet hulself meet aan die sewe stappe van ontwikkeling . Personeel in hulle departemente moet ook ontwikkel word as onderrigleiers, want leerarea-hoofde neem die leiding ten opsigte van leerareas.

### 2.6.6 Skoolprestasie en gedeelde onderrigleierskap

Verbeter 'n skool se prestasies as daar effektiewe onderrigleiers in die skool is? Marks en Printy (2003: 370-397) lig die belangrikheid van gedeelde onderrigleierskap en skoolprestasie in hul navorsing uit. Met die fokus op skoolleierskap-verhoudinge tussen hoofde en onderwysers ondersoek hulle studie die potensiaal van aktiewe samewerking met betrekking tot onderrigsake om die kwaliteit van onderrig en leer te verbeter. Wanneer onderrigleierskap nie deel is van 'n leier se geïntegreerde leierskapstyl nie beïnvloed dit die skool se prestasie beduidend. Onderrigleierskap is dus belangrik vir skole wat hulle prestasie wil verbeter. In Kruger (2003:211) se bevindinge oor 'n studie van suksesvolle onderrigleierskap by twee sekondêre skole beklemtoon hy die volgende:

- Die fokus by die skole is akademie.
- Die skoolhoof se direkte betrokkenheid by onderrigleierskap bestaan feitlik nie en geskied op 'n meer informele basis.
- Die skoolhoof deel sy onderrigleierskap-verantwoordelikhede met sy personeel.
- Die onderskeie departemente is verantwoordelik vir onderrigleierskap en onderrigbestuur.

Daar word dus beweeg na gedeelde onderrigleierskap in effektiewe skole.

## 2.7 GEVOLGTREKKING

Die literatuurstudie oor onderrigleierskap bewys dat die departementshoof op middelvlakbestuur 'n baie belangrike bydrae tot effektiewe onderrig en leer maak. Onderrigleierskap is die meganisme waardeur baie prosesse by die skool bestuur word. Die departementshoof moet leiding neem in sy departement ten opsigte van onderrig en leer. Wetgewing en die regsraamwerk waarin 'n departementshoof moet funksioneer, rig ook die departementshoof se onderrigleierskap. Die Personeel Administratiewe Maatreëls omskryf die taak van die departementshoof in detail.

Die literatuur beskryf vir ons die konsep van onderrigleierskap as 'n leier wat die onderrig en kurrikulum bestuur. Met die fokus op taal en taalbeleid kan die afleiding gemaak word dat 'n departementshoof by 'n parallelmediumskool 'n groter werklading het as die departementshoof by 'n enkelmediumskool. Die literatuurstudie gee dus antwoorde ten opsigte van die regsraamwerk waarbinne die departementshoof moet funksioneer en die invloed van regspraak op sy daaglikse leierskapsrol.

# HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODOLOGIE

## 3.1 INLEIDING

Die rasionaal vir die studie is die ervarings van departementshoofde wat in poste aangestel is, waar die taalbeleid nie net enkelmedium is nie, maar parallelmedium. 'n Aantal departementshoofde het my meegedeel dat hul pligte vermeerder het. Al hulle take moet in twee tale gedoen word. Hoofstuk 3 handel oor die metodologie wat ek gebruik het om navorsing te doen oor die ervaring van departementshoofde as onderrigleiers by parallelmedium-skole. Data is ingesamel deur middel van waarneming, onderhoude en die analise van dokumente. Ek bespreek ook die beperkinge van hierdie navorsing.

## 3.2 DIE NAVORSINGDOEL EN NAVORSINGVRAAG

### 3.2.1 Navorsingdoel

Die doel van hierdie navorsing is om die ervarings van die departementshoof as onderrigleier by parallelmedium-skole te ondersoek en te beskryf.

### 3.2.2 Navorsingvrae

Die volgende navorsingvrae het betrekking tot my navorsing:

- Wat is die spesifieke bestuur- en leierskapuitdagings vir 'n departementshoof by 'n parallelmedium-laerskool?
  Wat is die invloed van taalbeleidverandering op die onderrigleierskaprol van die departementshoof by 'n parallelmedium-laerskool?
- Hoe beïnvloed wetgewing en regspraak oor taalbeleid die onderrigleierskaprol van die departementshoof?

## 3.3 NAVORSINGMETODOLOGIE

"Kwalitatiewe navorsing is interpreterend, naturalisties en induktief in benadering" (Cresswell:1998). My navorsing word begrond deur interpretevisme. Een van die paradigmas wat geassosieer word met sosiale kwalitatiewe navorsing is interpretevisme. Volgens Rubin en Babbie (2009:37) probeer interpreterende navorsers om mense se lewens, optredes, gedrag en persepsies te interpreteer en subjektief te verstaan.

Navorsers besoek en verken individue in hulle natuurlike omgewing. Interpreterende navorsers probeer om die leser van hulle verslae te laat verstaan hoe dit voel om in die skoene te loop van die klein aantal mense wat hulle bestudeer. Cohen, Manion en Morrison (2007:384) omskryf die interpretevisme as die strewe om situasies te visualiseer deur die oë van die deelnemers. Dit reflekteer op die sosiale wisselwerking tussen mense in hulle natuurlike omgewing; dit beskryf ook die betekenis wat mense gee aan sosiale interaksies wat hulle observeer en dit is beskrywend van aard. Navorsers se doel met die interpreterende metode "is om perspektiewe en gedeelde menings te ondersoek en om insig in situasies te verkry, soos byvoorbeeld by skole en in klaskamers" (Wellington: 2000:16).

Ek het departementshoofde in hul natuurlike omgewing waargeneem sodat ek faktore kon waarneem wat hulle onderrigleierskap kon beïnvloed. Ek het dus ryk beskrywende data verkry deur die departementshoofde in hulle werkomgewing te besoek. Hulle ervarings en realiteite is gedokumenteer en geïnterpreteer deur die navorser. Kennis word dus verkry deur direkte en indirekte interaksie tussen deelnemer en navorser.

Die doel van my navorsing is om die ervarings van departementshoofde as onderrigleiers by parallelmedium-skole te beskryf. Ek het dus gevallestudies gebruik omdat dit die navorser in staat stel om die deelnemers in hul natuurlike

omgewing waar te neem en te interpreteer.

## 3.4 NAVORSINGSONTWERP: GEVALLESTUDIE

### 3.4.1 Wat is 'n gevallestudie?

In hierdie deel die van verhandeling beskryf ek gevallestudies en gee redes waarom ek hierdie metode van data-insameling gebruik het om my navorsingvrae te beantwoord. "Die doel van 'n gevallestudie is nie om die wêreld te verteenwoordig nie maar om 'n geval te verteenwoordig" (Shen,2009:23). Ek het 'n gevallestudie gedoen oor die rol van die departementshoof as onderrigleier by parallelmedium-skole. Bromley (1991:302) omskryf 'n gevallestudie as 'n sistematiese ondersoek van 'n gebeurtenis met die doel om die fenomeen te beskryf en te verduidelik terwyl Cohen et al. (2007:254) die volgende sê oor gevallestudienavorsing: Dit behels die waarneming van 'n geval of fenomeen in die regte lewe konteks. Wallace (1998:164) stel voor dat gevallestudienavorsing se doel die oplos van spesifieke probleme is, die toepassing van teorieë in die praktyk en die generering van hipoteses is.

Merriam (1988:16) beskryf die kwalitatiewe gevallestudie baie volledig as intensiewe holistiese beskrywing en analisering van 'n enkele entiteit, fenomeen of sosiale eenheid. Gevallestudies is partikulêr, beskrywend en heuristies en dit maak baie staat op induktiewe redenering by die hantering van die data.

Aangesien my navorsing handel oor die onderrigleierskaprol van departementshoofde by parallelmedium-laerskole was ek oortuig daarvan dat gevallestudie-navorsing my navorsingvrae sou beantwoord. Die waarneming en onderhoude met departementshoofde in hulle natuurlike omgewing by hul skole het my nader aan hulle wêreld en hulle interpretasie daarvan gebring. Ek het drie departementshoofde besoek en waargeneem hoe hulle hul departemente bestuur en leiding neem met die fokus op onderrigleierskap.

### 3.4.2 Kenmerke van gevallestudienavorsing

Hitchcock en Hughes (1995:317) sê gevallestudies word gekenmerk deur die volgende:. Dit is besig met die ryk en volledige beskrywing van die verskynsel;dit gee 'n chronologiese vertelling van die gebeure relevant tot die saak; dit fokus op die groepe of individu en probeer hulle persepsies van gebeure te verstaan; dit belig sekere gebeure wat relevant is tot die gebeure of fenomeen. Die navorser is integraal deel van die navorsing en die navorser probeer om die rykheid van die fenomeen in woorde weer te gee. Ek het departementshoofde se persepsies ryk en beskrywend neergepen sodat ek hulle ervarings kon probeer verstaan.

### 3.4.3 Klassifikasie van gevallestudienavorsing

Yin (1984: 52) identifiseer drie soorte gevallestudienavorsing, nl. die ondersoekende, die beskrywende en die verduidelikende gevallestudie. Merriam (1988: 106) het ook drie klassifikasies: die beskrywende, die interpreterende en die evaluerende gevallestudie. Ek dink dat my gevallestudies interpreterend en beskrywend was.

### 3.4.4. Sterk- en swakpunte van gevallestudies

Nisbet en Watts (1984:79-92) som dit soos volg op:
Sterkpunte:

- Die resultate word makliker deur almal verstaan (nie-akademici ook).
- Die resultate praat vir hulself.
- Unieke kenmerke mag verlore gaan met grootskaalse data-insameling.
- Gevallestudies is sterk gefundeer in die werklikheid.
- Gee insig in ander soortgelyke situasies en gevalle.
- Een enkele navorser kan die navorsing onderneem.
- Dit maak voorsiening vir onverwagte en onbeheerde veranderlikes.

Swakpunte:

- Die resultate kan nie veralgemeen word nie.
- Die resultate kan selektief, bevooroordeeld, persoonlik en subjektief wees.
- Kruiskontrole is nie altyd moontlik nie.
- Gevallestudie is geneig tot waarnemer-vooroordeel, ten spyte van pogings om reflektiwiteit aan te spreek.

Ek glo dat gevallestudienavorsing die beste en mees toepaslike navorsingmetode is omdat ek die fenomeen van die departementshoof as onderrigleier binne sy konteks in die skool en klaskamer ondersoek. Ek kan die departementshoof nie buite konteks bestudeer nie. Onderrigleierskap in parallelmedium-skole is deel van die daaglikse leierskap en bestuurtake van die departementshoof en die fenomeen moet in sy natuurlike situasie bestudeer word. Volgens Stake (2005:450) word kwalitatiewe gevallestudies gekenmerk deur die navorser wat baie tyd op die terrein bestee en persoonlik in kontak met aktiwiteite en bedrywighede is.

## 3.5 WAAR WORD DIE NAVORSING GEDOEN?

Ek het my navorsing by drie verskillende parallelmedium-laerskole in die Pretoria omgewing gedoen. Finansiële oorwegings het grootliks bygedra tot die besluit om skole in die nabye omgewing van my woonplek te kies. Ek het egter skole gekies waar ek nie die deelnemers ken nie. Die was vir my belangrik om die deelnemers by hulle werkplekke te besoek terwyl hulle besig was met take wat verband hou met hulle rol as onderrigleiers in hul onderskeie departemente. Die drie skole word almal goed onderhou en daar is voldoende onderwysers en onderrig- en leermateriaal. Toegang tot die skole en toestemming om daar navorsing te doen is sonder enige probleme verkry. Die Bestuur van die skool was positief en die deelnemers was toeganklik.

## 3.6 STEEKPROEF EN DEELNEMERS

### 3.6.1 Steekproef

Ek het van 'n doelgerigte steekproef gebruik om die deelnemers te kies wat my navorsingvrae moes aanspreek. Cohen et al. (2007: 114-115) wys daarop dat doelgerigte steekproewe 'n kenmerk is van kwalitatiewe navorsing. Die deelnemers wat gekies word, moet die spesifieke navorsingbehoeftes aanspreek. In hierdie geval was dit drie departementshoofde by drie verskillende parallelmedium-laerskole in en om Pretoria.

### 3.6.2 Deelnemers

Die deelnemers het uit drie skole gekom. By skool A 'n departementshoof tussen die ouderdom 25 - 30 jaar by seniorfase wat verantwoordelik is vir leerareas Afrikaans en Engels; by skool B 'n departementshoof tussen ouderdom 30 - 45 jaar by seniorfase verantwoordelik vir die leerarea Wiskunde en by skool C, 'n departementshoof tussen ouderdom 30 - 50 jaar by seniorfase met verskeie leerareas. Aanvanklik was die geslag van deelnemers 'n kriterium vir die steekproef maar ek het dit buite rekening gelaat want dit is irrelevant vir die navorsing. Die drie deelnemers het twee mans en een dame ingesluit.

Met die kriteria vir die steekproef in gedagte, was die eerste deelnemer 'n 44 jarige man wat Wiskunde in Afrikaans en Engels aanbied vir graad 6-leerders. Hy het al 21 jaar onderwyservaring en is al 10 jaar 'n departementshoof. Hy beskik oor 'n professionele onderwyskwalifikasie sowel as 'n verdere diploma in onderwysbestuur. Die tweede deelnemer was 'n dame met 19-jaar ervaring. Sy beskik oor 'n professionele onderwyskwalifikasie en is besig met 'n honneursgraad in onderwysbestuur. Sy bied 'n verskeidenheid vakke in beide Afrikaans en Engels aan. Die derde deelnemer is 'n man wat 30 jaar oud is. Hy bied ook 'n verskeidenheid vakke in beide Afrikaans en Engels aan. Hy het 8 jaar

onderwyservaring en is al vir drie jaar 'n departementshoof.

## 3.7 DATA-INSAMELING

Die data-insamelingmetodes wat die meeste in 'n kwalitatiewe navorsingbenadering gebruik word, kan in drie breë kategorieë geklassifiseer word, naamlik in diepte onderhoude, waarneming, en dokumentanalise en oorsig (Nieuwenhuis:2009:82-85). Ek het al drie hierdie kwalitatiewe metodes gebruik om data in te samel. Dit het my data meer geldig en geloofwaardig gemaak. Waarneming van die drie departementshoofde in die klassituasie was my aanvanklike data-insamelinginstrument. Vervolgens het ek semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met die drie deelnemers. Ek het ook verder van hulle werkdokumente geanaliseer soos beplanninglêers, assesseringlêers, notules van vergaderings en ander relevante dokumente. Ek het gefokus op die onderrigleierskaprol van die departementshoof in 'n parallelmedium-laerskool met inagneming van die relevante regsraamwerk en regspraak.

### 3.7.1 Waarneming

Nieuwenhuis (2009:84) verduidelik waarneming as 'n alledaagse aktiwiteit waar ons sintuie (sien, hoor, ruik, tas, intuïsie) gebruik om data in te samel. Die navorsers dokumenteer dit wat hulle ervaar en sien. Data verkry deur waarneming is verbaal en nieverbaal. Die deelnemers word ook in hulle natuurlike omgewing waargeneem. Constable (2005:1) sê die volgende oor kwalitatiewe waarneming: Dit verklaar die kompleksiteit van individuele gedrag. Die data kan nie veralgemeen word na die breë bevolking nie. Die teenwoordigheid van die navorser kan die deelnemers beïnvloed. In hierdie navorsing wou ek drie departementshoofde in hulle klasse waarneem terwyl hulle 'n les aanbied in beide tale van onderrig en leer. Departementshoofde moet as onderrigleiers die kurrikulum implementeer en bestuur. Volgens Cohen et al. (2007:396) is waarneming se mees uitstaande kenmerk dat die navorser die geleentheid het om data te versamel in natuurlike sosiale situasies.

Die doel van die waarneming was om die departementshoof as onderrig-leerfassiliteerder in sy klas waar te neem terwyl hy besig is met onderrig. Ek het drie departementshoofde in hulle klasse gaan waarneem. Die waarnemings het elk 35 minute geduur. Die observasietemplaat wat ek gebruik het, het die volgende opskrifte gehad: dissipline, verbale kommunikasie, nieverbale kommunikasie, taalgebruik, leierskap, taalvaardigheid, beplanning en voorbereiding en dan "oop" waarnemings.

### 3.7.2 Individuele onderhoude

Ek het eers proef-onderhoude met kollegas by my skool gedoen. Dit het baie gehelp om vrae uit te identifiseer wat nie relevant is nie en nie bygedra het tot die beantwoording van my navorsingvrae nie. Ek het gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude met die fokus op die onderrigleierskap van departementshoofde in parallelmedium-laerskole. Nieuwenhuis (2009:87) sê 'n onderhoud is tweerigting kommunikasie waar die navorser die deelnemer vrae vra sodat data ingesamel kan word oor hulle idees, sieninge en opinies.

'n Semi-gestruktureerde onderhoud is vloeibaar; daar is ruimte vir nuwe vrae soos die onderhoud vorder. Die onderhoudvoerder gebruik 'n algemene raamwerk wat as vertrekpunt dien (Lindlof en Taylor:2002:195).
My navorsing het konsepte ingesluit soos *regsraamwerk, onderrigleierskap, parallelmediumskole, taalbeleid, pligstaat* en *werklas* van die departementshoof. Nieuwenhuis (2009:87) is van mening dat semi-gestruktureerde onderhoude algemeen gebruik word in navorsingprojekte om ander data te versterk. Die onderhoude in hierdie navorsing het gevolg nadat die waarneming in die klaskamers gedoen is sodat die waarneming versterk kon word met data van die onderhoude.

Die tipe vrae wat ek gevra het, het aangesluit by die literatuur en by my navorsingvrae (Raadpleeg aanhangsel A1: Individuele onderhoud). Afdeling A het gehandel oor die departementshoof en sy take en pligte by die skool wat

aansluit by die literatuurstudie oor die pligstaat en werklas van die departementshoof volgens die Personeel Administratiewe Maatreëls (PAM). Afdeling B van die vraelys het die aspek van leierskap aangespreek wat aansluit by Hoofstuk 2 van die literatuurstudie, wat handel oor die departementshoof as onderrigleier. Afdeling C se vrae het gehandel oor parallelmedium-skole en taalbeleid terwyl Afdeling D vrae oor die regsraamwerk bevat het.

### 3.7.3 Dokumentanalise

Bowen (2009:27) beskryf dokumentanalise as 'n sistematiese proses waar gedrukte en elektroniese dokumente bestudeer en geëvalueer word. Dokumente bestaan uit woorde en prente wat gerekordeer is sonder die navorser se intervensie of teenwoordigheid. Atkinson en Coffey (1997:47) verwys na dokumente as "sosiale feite" wat vervaardig word, gedeel en gebruik word op sosiaal-georganiseerde wyses. Die volgende dokumente het betrekking op my navorsing:

Die Grondwet van Suid-Afrika (RSA,1996a)
Die Suid-Afrikaanse Skolewet (RSA,1996b)
Nasionale Onderwysbeleidwet (RSA,1996c)
Notules en agendas van personeel-, beplanning-, assessering- en leerarea-vergaderings soos gebruik deur die drie departementshoofde.

Bogenoemde dokumente van die afgelope twee jaar is geanaliseer. Die departementshoof se onderrigleierskap in parallelmedium-laerskole was die fokus van die dokumentanalise. Ek het besluit om werkdokumente te gebruik om sodoende die implikasies vir die departementshoof as onderrigleier prakties te probeer ervaar. Die dokumente sluit beplanningvorms , assesseringvorms, handboeke, notules van vergaderings (fase-,leerarea- en personeelvergaderings), werkkaarte en omsendbriewe na ouers in. Ek het die vorms vir die drie deelnemers geneem en ek het hulle verseker dat die ontleding daarvan sal fokus

op hulle werklas, pligstaat en taal en nie op hulle persoonlike vermoëns as onderwysers nie. Hulle is verseker dat hulle identiteit sowel as hulle skole se identiteit nie uit die ontleding daarvan bekendgemaak sou word nie.

Volgens Yin (1984:97) kom dokumente in verskillende formate voor en is dit relevant in enige gevallestudie-onderwerp. Flick (1998:192) en Mayring (2004: 266) omskryf inhoudanalise verder as 'n streng en sistematiese prosedure met die doel om data te analiseer, te ondersoek en die inhoud van die data te verifieer. Cohen (2007: 476-483) beskryf die proses soos volg:

- Omskryf die navorsingvrae wat die inhoudanalise moet aanspreek.
- Beskryf die eenhede wat geanaliseer word.
- Besluit op die kodes wat vir die analise gebruik gaan word.
- Besluit op die kategorieë vir analise.
- Doen die kodering en kategorisering.
- Data-analise word vervolgens gedoen.
- Maak 'n opsomming.
- Maak moontlike afleidings.

### 3.7.4 Geloofwaardigheid

#### *3.7.4.1 Waarneming en geloofwaardigheid*

Dit is belangrik in hierdie navorsing dat onderhoude deur waarneming voorafgegaan word. Nuwe vrae kan uit die waarneming distilleer en in die semi-gestruktureerde onderhoude gebruik word. Verbale sowel as nieverbale kommunikasie maak deel uit van die data. Cohen et al. (2007:158) wys op die volgende bedreigings by waarneming:

- Deelnemers mag anders optree in die teenwoordigheid van die waarnemer.

- Navorser raak te betrokke by deelnemers.

### *3.7.4.2 Onderhoude en geloofwaardigheid*

Cohen et al. (2007:150) wys op die volgende belangrike beginsel ten opsigte van geloofwaardigheid en betroubaarheid - sal die vrae wat gevra word die gewenste antwoord gee. Nog 'n praktiese metode om geloofwaardigheid te bevorder, is om partydigheid te verminder. Cohen et al. (2007:150) noem die volgende ten opsigte van geloofwaardigheid en onpartydigheid tydens onderhoude:

- Die gesindheid, menings en verwagtinge van die onderhoudvoerder speel 'n rol.
- Die onderhoudvoerder is geneig om vrae te vra wat sy vooropgestelde idees ondersteun.
- Die onderhoudvoerder interpreteer die antwoorde van die deelnemer verkeerd.
- Die deelnemer verstaan die vraag verkeerd of interpreteer dit nie korrek nie.

Dit was belangrik dat ek bogenoemde in gedagte moes hou toe ek die onderhoude gevoer het. Ek het ook opvolgbesoeke doen om die data met die deelnemers te bevestig.

### *3.7.4.3 Dokumentanalise en geloofwaardigheid*

Weber (1990:73) wys daarop dat 'n dokument sekere punte mag oor- of onderbeklemtoon. Cohen et al. (2007:490) noem die volgende probleme by dokument-analise: Die dokument is te kort, partydig, onvolledig en ontoeganklik; klassifikasie is nie konstant nie; woorde kan verskillende betekenisse hê vir verskillende gemeenskappe; kodering en kategorisering kan die ryk beskrywende aard van woorde laat verlore gaan. Bowen (2009:31) wys op die voordele en beperkinge van dokumentanalise:Dit is baie effektief want dit neem minder tyd;

dokumentanalise handel oor die kies van data en nie die insameling van data nie; dokumente word nie beïnvloed deur die navorsingproses nie; dokumente is stabiel, presies en het wye dekking oor tyd en gebeure. Bowen (2009:31-32) spreek ook die volgende beperkinge aan:Dokumente is nie vir navorsing opgestel nie; soms is dit moeilik om die nodige dokumente in die hande te kry en dit word soms weerhou. Ek stem saam dat die analise van dokumente verseker sekere uitdagings bied soos dit hierbo genoem word. Die grootste voordeel is egter die geloofwaardigheid van die navorsing wat verhoog is omdat ek van drie metodes van data-insameling gebruik gemaak het.

Die doel van die navorsing was aan al die deelnemers bekend. Dit is ook belangrik dat toestemming van al die betrokke partye verkry is. Dit sluit in die Departement van Onderwys, die betrokke skole en die departementshoofde.

## 3.8 DATA-ANALISERING

Flick (1998: 192) en Mayring (2004: 266) omskryf inhoudanalise as 'n streng en sistematiese prosedure met die doel om data te analiseer, te ondersoek en die inhoud van die data te verifieer. Cohen (2007: 476-483) beskryf die proses soos volg:

- Omskryf die navorsingvrae wat die inhoudanalise moet aanspreek.
- Beskryf die eenhede wat geanaliseer word.
- Besluit op die kodes wat vir die analise gebruik gaan word.
- Besluit op die kategorieë vir analise.
- Doen die kodering en kategorisering.
- Data-analise word vervolgens gedoen.
- Maak ‘n opsomming.
- Maak moontlike afleidings.

Ek het van inhoudanalise gebruik gemaak om die data te analiseer wat ek vir hierdie studie ingesamel het. Inhoudanalise sluit dokumentanalise in. Neuendorf (2002: 10) omskryf inhoudanalise soos volg: "Content analysis is a summarizing, quantitative analysis of messages that relies on the scientific method (including

attention to objectivity, intersubjectivity, a priori design, reliability, validity, generalizability, replicability, and hypothesis testing) and is not limited as to the types of variables that may be measured or the context in which the messages are created or presented". Inhoudanalise in hierdie navorsing is die analise van data in die vorm van onderhoude, waarneming en dokumente. Die volgende is moontlike voorbeelde van data kategorieë vir hierdie studie:
parallelmedium - onderrigleierskap - regsraamwerk - bestuur - departementshoof - taalbeleid - pligstaat – werklading.

## 3.9 ETIESE IMPLIKASIES

Ek het toestemming (aanhangsel B) by die Gauteng Departement van Onderwys gekry om navorsing by die drie betrokke skole te doen. Toestemming is by die skole (aanhangsel C) sowel as die deelnemers verkry. Ek het in my brief, waar ek toestemming vra, aan die hoofde en departementshoofde verduidelik dat die skool en deelnemers se identiteit nie bekend sal gemaak sal word nie. Ek besef dat hierdie navorsing sensitief mag wees omdat ek waarneming en dokumentanalise gebruik vir data-insameling. Ek het die deelnemers verseker dat ek die data vertroulik sal hou. Die Universiteit van Pretoria het my ook etiese klaring (aanhangsel D) gegee om my navorsing volgens voorskrifte te voltooi.

## 3.10 BEPERKINGS VAN HIERDIE STUDIE

Die grootste beperking van hierdie studie is die feit dat dit nie veralgemeen kan word nie. Ek is 'n beginner navorser en waarneming, onderhoude en dokumentanalise is vir my 'n vreemde nuwe ervaring. My waarneming en interpretasie van die werklikheid kon subjektief wees. Ek dink die primêre doel van hierdie verhandeling is om vir my die geleentheid te bied om my eerste onafhanklike navorsingprojek korrek te doen.

## 3.11 OPSOMMING

Hierdie hoofstuk het gehandel oor die navorsingmetodologie. Die navorsingdoel en navorsingvrae word hier uitgelig. Kwalitatiewe interpreterende navorsing word gebruik om die vrae te beantwoord. Die navorsingsontwerp is 'n gevallestudie. Die navorsing is gedoen by drie departementshoofde by parallelmedium laerskole. Waarneming, onderhoude en dokumentanalise is gebruik om die data in te samel.

# HOOFSTUK 4: DATA-ANALISE

## 4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk handel oor die bevindinge van die data wat ek by drie parallelmedium-laerskole ingesamel het. Die data is ingewin volgens drie metodes, nl. waarneming, onderhoude en dokumentanalise. Die kwalitatiewe data is geanaliseer deur middel van inhoudanalise. Daar is dus drie fokusareas: Fokus A is die waarneming, Fokus B is die onderhoude en Fokus C is die dokumente wat geanaliseer is. Nadat die data volgens die insamelingsmetodes bespreek is, is dit volgens kodes gekategoriseer en die bevindinge is bespreek. Die afkortings vir die metode van data-insameling is die volgende:

W = Waarneming
Nieuwenhuis (2009:84) verduidelik waarneming as 'n alledaagse aktiwiteit waar ons, ons sintuie (sien, hoor, ruik, tas, intuïsie) gebruik om data in te samel. Die navorser dokumenteer dit wat hy ervaar en sien.

IO = Individuele onderhoude
Nieuwenhuis (2009:87) sê 'n onderhoud is tweerigting kommunikasie waar die navorser die deelnemers vrae vra sodat data ingesamel kan word oor hulle idees, sieninge en opinies.

DA = Dokumentanalise
Flick (1998:192) en Mayring (2004: 266) omskryf inhoudanalise verder as 'n streng en sistematiese prosedure met die doel om data te analiseer, te ondersoek en die inhoud van die data te verifieer.

## 4.2 DATA-ANALISERING

### 4.2.1 Departementshoof A (DPA) as onderrigleier by 'n

**parallelmedium-laerskool.**

*4.2.1.1 Fokus A : Waarneming in die klas(W1)*

Departementshoof A (vervolgens DP A) se klas is netjies met relevante klaskamerversierings vir die leerareas waarvoor sy verantwoordelik is. Daar heers 'n akademiese atmosfeer in die klas. Dissipline word gehandhaaf sonder om leerders se menseregte aan te tas (W.1:1). DP A se moedertaal is Afrikaans. Sy is ten volle tweetalig en praat baie goed Engels. Al die leerders in haar klas se tweedetaal is Engels. Tydens die eerste akademiese periode van die dag het die leerders in die voertaal Engels 'n Sosiale Wetenskap leergeleentheid bygewoon. Die leergeleentheid het oor weerpatrone gehandel. Leerders meng hulle taal tydens onderrig en leer, bv. " *Is jy mal?, Eish se boude en moenie worry mam we will finish die huiswerk.* " (W1:1). Die skrif en bordwerk is in albei tale (Afrikaans en Engels) gedoen. Die ruimte op die bord was beperk want een leergeleentheid se bordwerk moet in albei tale op die bord vertoon word. Die beplanning word volledig in twee tale gedoen. Die dupliseerwerk is ook in albei tale gedoen.

Die tweede akademiese periode wat waargeneem is, was 'n leergeleentheid oor intensiewe vorme in die leerarea Afrikaanshuistaal. Leerders kom tot een uur laat en meng hulle taal wanneer hulle verskoning aanbied. "Sorry juffrou, ons kar wou nie start nie." (W1:2). DP A doen informele assessering en beweeg deur die klas (W1:2). DP A is goed voorbereid en haar vertroue in haarself dui op haar professionaliteit as onderrigleier. Die derde akademiese periode het oor weerpatrone as onderwerp gehandel. Die taal van onderrig en leer (TVOL) was Engels. Weereens was DP A se Engels uitstekend. Sy skakel soms ook na Afrikaans wanneer sy prys of teregwys; "Jis, maar jy kan lelik skryf, siesa!" DP A sê die volgende vir my: "If the teacher starts to talk in her own language, we know she is cross, and we must listen".(W1:3). Die beplanning vir elkeen van hierdie drie lesse is in twee tale gedoen. Die gedupliseerde leerinhoud is ook in

albei tale gedoen (W1:3).

*4.2.1.2 Fokus B : Individuele Onderhoud (IO 1)*

DP A beskik oor 'n Hoër Onderwysdiploma en sy is besig met 'n B.Ed.(Honneurs) in skoolbestuur. Sy het negentien jaar ervaring as onderwyser en haar moedertaal is Afrikaans. DP A is verantwoordelik vir al die administratiewe pligte, kommunikasie en 15 personeellede in haar departement (IO 1:1).

Die vakke wat sy aanbied, is Afrikaans (Graad 5 Huistaal en Graad 5 Eerste Addisionele Taal) en Sosiale Wetenskap in Afrikaans en Engels vir 115 leerders (IO 1:2). Volgens DP A is die werklas van die departementshoof soos volg: "Daar is baie pligte, ons het baie administratiewe pligte en daar is baie dokumente wat voltooi moet word en die progressiestate wat na elke kwartaal ingehandig moet word. Daar is baie meer administratiewe take as in die verlede en die feit dat daar vier keer 'n jaar 'n rapport uitgegee moet word; dit plaas 'n bietjie druk op 'n mens." (IO 1:2). Behalwe vir die DP A se normale take is sy ook verantwoordelik vir al die komitees by die skool. Sy is ook verantwoordelik vir die snoepie. Verder is sy verantwoordelik vir die R5-dae by die skool (IO 1:10).

Die taalbeleid van die skool is parallelmedium: Afrikaans en Engels. DP A beskou haar skool as 'n effektiewe skool. "Daar word absoluut geen onderskeid getref tussen die Afrikaanse en die Engelse leerders nie, ons beleid is in plek, ons administratiewe take is reg, ons woon vergaderings by en vier van die departementshoofde asook ons hoof en adjunkhoof het die Gevorderde Sertifikaatkursus in Onderwysbestuur gaan bywoon." (IO1:3).

DP A beskou haarself as 'n leier wat te veel met haar hart bestuur: "Ek neem mense se situasies in ag en mense kom praat graag met my oor hulle persoonlike sake." (IO 1:4) Sy sien haarself egter ook as 'n onderrigleier: "Ek is

op hoogte van alles – ek woon alle vergaderings by wat sorg dat die kurrikulum korrek aan die mense deurgegee word – die nodige dokumentasie hulle altyd betyds bereik – ons hou gereeld vergaderings – ons het 'n spesifieke volgorde waarvolgens ons werk– elke spesifieke komponent kry sy spesifieke tyd". (IO 1:5).

Die taalbeleid van die skool het 'n invloed op haar werklading: "Definitief, ja definitief want ons moet dubbel beplan vir al die vakke – al is dit nou nie net spesifiek in tale nie, as ons SW of NW het en of ons nou tale het – dit moet alles dubbel beplan word – die toetse word dubbel opgestel – selfs ons omsendbriewe – alles moet dubbel verloop – boekkontrole word in Afrikaans en Engels gedoen – vergaderings in Afrikaans en Engels." (IO 1:6). DP A noem die voorbeeld van 'n onderwyser wat vier leerareas aanbied in albei tale. Dit beteken dat sy agt keer moet beplan want alles is verdubbel.

In antwoord op die vraag of die werklading by 'n enkelmediumskool verskil van 'n parallelmediumskool het sy soos volg geantwoord: "Ek sou definitief so sê want soos ek vroeër gesê het die boekkontrole, die vergaderings, alles moet dubbeld gedoen word" (IO 1:8). Vergaderings word meestal in Afrikaans gehou want al die personeel is Afrikaans Eerstetaalsprekers. Dit is slegs wanneer daar studente is dat vergaderings in albei tale gehou word. DP A sal soms oorslaan na 'n ander taal as sy 'n term nie kan onthou nie. "Ek vra vir die leerders *kombers*, *kombers, kombers*, dan sê hulle, *blanket, teacher*." (IO 1:10). Wanneer terminologie bo hulle begripvermoë is, sal sy kleur en ander onderwysmedia gebruik om konsepte soos idiome te verduidelik.

DP A se laaste woorde in die onderhoud ten opsigte van die verandering van taalbeleid en werklading som die impak van dubbelmedium-skole soos volg op: "Dit het regtig 'n baie groot invloed op al die vlakke, aangesien jy alles in beide tale moet doen, so al jou werk word dan net mooi verdubbel." (IO 1:11).

#### *4.2.1.3 Fokus C: Dokumentanalise (DA 1)*

Die volgende dokumente vorm deel van hierdie analise:

- Werkkaarte: Graad 5 Sosiale Wetenskap. (DA 1:1)
- Agendas van vergaderings: Intersenfase vergaderings. (DA 1:2)
- Handboek: Afrikaans Huistaal en Afrikaans Eerste Addisionele Taal. (DA 1:3)
- Relevante regsraamwerk en hofsake (soos bespreek in die literatuurstudie)

Die belangrikste uitkoms van die dokumentanalise is dat die dokumente (DA 1:1, DA 1:3) in albei tale beskikbaar is. Daar was geen vertalingfoute in die werkkaarte en handboeke nie. Die taalvaardigheid van die onderwysers in albei tale is besonder goed.
(DA 1:2) Notules van vergaderings was egter net in een taal beskikbaar. Die rede daarvoor is dat al die personeel by die skool Afrikaans magtig is. Dit was dus nie nodig om vergaderings in albei tale te hou nie.

### 4.2.2 Departementshoof B (DP B) as onderrigleier by 'n parallelmedium–laerskool

#### *4.2.2.1 Fokus A : Waarneming in die klas(W 2)*

DP B se klas is goed georganiseerd. Daar is relevante plakkate in beide Afrikaans en Engels in sy klas. Sy verbale kommunikasie is positief en hy beweeg heeltyd tussen deur die leerders in sy klas. Sy taalvaardigheid in Afrikaans en Engels is baie goed. Hy handhaaf baie goeie dissipline in sy klas(W 2:1). Die leerders gebruik woordeboeke in die klas om tussen die twee tale van onderrig en leer (TVOL) te vertaal. DP B gebruik soms Afrikaans in die klas vir die Engelse groepe leerders wat Wiskunde in Engels neem, bv "Koop dit as jy dit nie het nie – hoeveel het jy – dankie Kayla." (W 2:2). Leerders wat antwoorde korrek het,

kry positiewe terugvoer van DP B en die ander leerders klap hande. Die handboeke is in albei die onderrigtale beskikbaar. DP B praat van 'n "nominater" in plaas van 'n numerator wanneer hy gewone breuke verduidelik. Die leerders geniet DP B se klas egter baie en daar heers 'n positiewe leeromgewing en leerklimaat. DP B word nie onderbreek tydens klastyd nie en hy het ook nie 'n telefoon in sy klas nie.

*4.2.2.2 Fokus B: Individuele Onderhoud (IO 2)*

DP B beskik oor 'n eenjaar-diploma wat toepaslik vir die laerskool is en hy het ook verder gestudeer. Hy het 21 jaar onderwyservaring. In antwoord op die vraag, *Wat behels jou werk?* het hy soos volg geantwoord: "My take by die skool, of van die take wat ek by die skool het, behels 'n aantal verantwoordelikhede. Ons is drie departementshoofde by die intersenfase, en elkeen is aangestel om toesig te hou oor 'n aantal sake en wat sy baba is. Grotendeels is ek met die veiligheid van die skool, die veiligheid van die kind, die gesondheid van die kind gemoeid; ek is aangestel as die veiligheidpersoon by die skool " (IO 2:1). DP B is verantwoordelik vir tien personeellede by sy skool. Hy bied Wiskunde aan vir Graad 6 in Afrikaans en Engels en hy gee ook Lewensoriëntering vir Graad 7. Daar is ongeveer 1 100 leerders in die skool en hy hou skool vir 170 leerders.

"Ek reken 'n departementshoof se pligte en verantwoordelikhede het deesdae baie meer geword"(IO 2:2) was DP B se antwoord oor sy werk as departementshoof. Die taalbeleid van die skool is parallelmedium met Afrikaans en Engels as die TVOL. Daar is sprake dat daar nog 'n TVOL in 2012 implementeer gaan word. Hy beskou sy skool as effektief op veral akademiese gebied (IO 2:4). Ouers vervoer hulle kinders van ver af na die skool en daar is "geen negatiewe dinge" en " ouers het net iets goeds te sê oor die onderwysers en die skool".

DP B ervaar die leierskapstyl by sy skool as positief "omdat daar vir jou grense gestel word, maar as jy oor die grens wil gaan en jy het dit bespreek met die betrokke persoon, is daar nie 'n krisis nie." (IO 2:4). DP B beskou sy eie leierskapstyl as "gemaklik". Hy sien homself as 'n leier wat sy personeel bemagtig. "Ek is geensins 'n outokraat nie." (IO 2:5). Hy beskou homself as 'n departementshoof wat poog om 'n onderrigleier te wees.

Ten opsigte van onderrigtaal in sy departement sê hy die volgende:" Groot positief ja – waar ek van 'n skool kom wat oorwegend Afrikaans was, en nou skielik is dit Afrikaans en Engels, so ja, dis vir my baie belangrik om dus seker te maak dat die persoon wat in my vergadering sit, my wel verstaan." (IO 2:6).

DP B neem verantwoordelikheid vir die kurrikulum in sy departement. Hy sê dat hy altyd een tree voor die ander wil wees. Hy luister egter na insette van die personeel, maar hy is in die posisie aangestel waar hy in beheer moet wees. Volgens DP B het die taalbeleid 'n invloed op die werklading van die departementshoof by parallelmedium-laerskole: "Beslis ja, want toe ek hier aangestel is toe kom ek van 'n Afrikaanse skool af, nou skielik is ek in 'n Afrikaans- en Engelssprekende skool, so ja, ek moes leer om vergaderings in Engels te lei en om klasse in Engels aan te bied en van jou sleutelwoorde in die leerarea is nie altyd maklik nie." Hy sê ook dat hy nog nie volkome tweetalig is nie maar dat hy elke dag leer. Volgens DP B is die meeste leerders se huistaal is Sotho- en Zulu(IO 2:8). Onderhoude met ouers geskied meestal in Afrikaans en Engels maar tolke word ook gebruik as die ouers nie een van die twee tale magtig is nie. Hy sê ook dat sy skool meertaligheid bevorder. DP B sal tydens klastyd sy taal meng om seker te maak leerders verstaan (IO 2:10).

DP B sê die volgende oor sy werklading: "As jy skuif van 'n enkel- na 'n parallelmedium het jy nou net dubbele werk – so in die begin toe ek oorgeskuif het, in my eerste jaar het ek tot in die nagte twaalfuur/halfeen gesit om net eers my dokumente in orde te kry". Hy doen sy beplanning net in Afrikaans maar

vergaderings word in Engels gehou. Kommunikasie na die ouers word net in Engels gedoen (IO2:8). Al die beleiddokumente moet van Engels na Afrikaans vertaal word. Hy sê dat dit dus dubbel werk in die begin is (IO 2:13).

Die posbeskrywing van DP B lees soos volg: Hy is die departementshoof Opvoedkundige Leiding en ook graadhoof. Dit sluit veiligheid, maatskaplike sorg, gesondheid en vordering van die leerders in wat deel vorm van die Skoolgebaseerde Ondersteuningspan. Die leerareas wat hy aanbied, is Wiskunde en Lewensoriëntering en hy is ook leerareahoof van Lewensoriëntering en Kuns en Kultuur. Hy rig atletiek af en is krieketorganiseerder sowel as krieketafrigter. Daarbenewens is hy in beheer van die leiers, skolierpatrollie, leierkampe en opvoedkundige toere. Verder is hy lid van die beheerliggaam (IO 2:12).

#### *4.2.2.3 Fokus C : Dokument Analise (DA 2)*

- Assesseringplanne Wiskunde (2009) – DA 2:1
- Lesplan gewone breuke (2010) – DA 2:2
- Notule van beheerliggaam (2010) – DA 2:3
- Avontuurkampbrief na ouers (Gr4) – DA 2:4
- Nuusbrief 5 en 28 (toestemmingsbrief en algemene inligting) – DA 2:5
- Notule van fasevergadering – DA 2:6
- Relevante regsraamwerk en hofsake (soos deeglik in literatuurstudie bespreek).

DA2: 1, DA 2:2 en DA 2:4 was in albei tale, Afrikaans en Engels, beskikbaar. Die notule van die beheerliggaam was gemeng (Afrikaans en Engels afwisselend). Nuusbriewe 5 en 28 (DA 2:5) was slegs in Engels beskikbaar. Die fasevergadering was net in Afrikaans beskikbaar. Die beplanning, assessering, handboeke en werkkaarte was in Engels en Afrikaans beskikbaar. Kommunikasie na ouers het slegs in Engels geskied. By sekere vergaderings word die taal gemeng (DA 2:3) terwyl vergaderings waar die personeel betrokke is net in

Afrikaans plaasvind. Dit wil voorkom asof die situasie bepaal watter taal of tale gebruik word.

### 4.2.3 Departementshoof C (DP C) as onderrigleier by 'n parallelmedium-laerskool

*4.2.3.1 Fokus A : Waarneming in die klas (W 3)*

Die waarneming van DP C het geskied tydens 'n leergeleentheid in Lewensoriëntering vir 'n Afrikaanse - en daarna 'n Engelssprekende groep leerders in Graad 7. Die klas was mooi versier met Lewensoriënteringplakkate. Daar word goeie dissipline gehandhaaf. 'n Fliek is vertoon oor konflik. Die departementshoof se vaardigheid in albei tale is uitstekend. Hy sukkel nie met gepaste terminologie nie en praat albei tale met die korrekte uitspraak. Hy is ten volle tweetalig.

*4.2.3.2 Fokus B: Individuele Onderhoude (IO 3)*

DP C het 8 jaar ervaring as onderwyser. Sy werk behels die volgende: Hy is departementshoof van die intermediêre fase en die senior fase. Die leerareas waarvoor hy verantwoordelik is Afrikaans, Engels, Wiskunde en Natuurwetenskap. Hy gee Lewensoriëntering in Afrikaans en Engels vir Graad 7 en Tegnologie in Afrikaans en Engels vir Graad 6. Verder doen hy die algemene kontrole, assessering, beplanning, moderering van vraestelle, werkkontrole van boeke en skrifte en die bestelling van handboeke. Hy is ook in beheer van skoolfoto's en drukwerk by die skool. Hy is verantwoordelik vir 18 personeellede in sy departement (IO 3:1). Die aantal leerders waarvoor hy skoolhou, is 310.

Oor sy werklas sê DP C die volgende: "In die begin van die jaar is dit nogal 'n massa want dit is drukwerk en handleidings wat inkom, dis die verspreiding van boeke." (IO3:2). Oor die invloed van die taalbeleid op sy werklas reageer hy so:

"Ja, definitief – as daar werk is wat gedoen moet word dan sal jy die dinge dubbeld moet doen – waar jy beplanning net in Afrikaans gedoen het, gaan jy dit weer in Engels moet doen – soos byvoorbeeld hierdie assesseringplanne wat ons het, wat ons in Afrikaans en Engels moet dupliseer – dit neem 'n rukkie – dis 'n opgawe." Aan die einde van die onderhoud reageer hy soos volg oor die werklading van 'n departementshoof: "Ek dink dis meer, dit is definitief meer – die Engelse kinders, hulle die rapporte van die Engelssprekende leerders is in Engels – die kodes moet vertaal word – die vertaling neem nogal 'n rukkie (IO 3:10).

Daar is 1 100 leerders in die skool. Die skool is parallelmedium. Kommunikasie met die ouers geskied in Afrikaans en Engels en die algemene jaarvergadering is in Afrikaans en Engels (IO 3:3). Hy beskou die skool as 'n effektiewe skool; "die rooster loop voluit – die leerders is altyd aktief besig – daar is nie periodes wat gemors word op onsinnighede nie."

Die leierskapstyl van die bestuurspan is outokraties al neem dit soms langer om 'n besluit te neem. DP C sien homself as 'n onderrigleier in wording. Daar was kwessies tussen die beheerliggaam en die skoolhoof wat die fokus van die skool versteur het.

Al die personeellede se moedertaal is Afrikaans. Die voertaal tydens vergaderings is dus Afrikaans. (IO 3:5) DP C modereer die vraestelle in albei tale en maak seker dat daar nie spelfoute is nie. Die taalbeleid van die skool veroorsaak dat alles dubbeld gedoen moet word. Al die personeel is nie so taalvaardig in beide Afrikaans en Engels soos DP C nie. Die leerders wat Engels praat se huistale is Pedi en Sotho en die Afrikaanse leerders praat Afrikaans (IO 3:6). Kommunikasie na die ouers geskied in Engels. Die skoolhoof hou vergaderings in Engels en Afrikaans (IO 3:9).

*4.2.3.3 Fokus C : Dokumentanalise(DA 3)*

DA 3 -1 Assesseringplan (Tegnologie: Afrikaans en Engels – Graad 6)

DA 3-2 Assesseringtaak 1(Tegnologie: Afrikaans en Engels – Graad 6)

DA 3-3 Werkkaart (Tegnologie: Afrikaans en Engels – Graad 6)

Al die beplanning, assessering en werkkaarte is in albei onderrigtale beskikbaar. Die inhoud is presies dieselfde. Die vertaling is ook baie goed gedoen. DP C is baie goed onderlê in albei die tale Afrikaans en Engels. Die vertaling impliseer dat die werklading ten opsigte van bogenoemde baie meer is as dié van 'n departementshoof by 'n enkelmediumskool.

## 4.3 BEVINDINGE

Hierdie navorsing word begrond deur interpretevisme. Volgens Rubin en Babbie (2009:37) probeer interpreterende navorsers om mense se lewens, optredes, gedrag en persepsies te interpreteer en subjektief te verstaan. My interpretasie van die verskynsel van *departementshoofde se ervarings as onderrigleiers by parallelmediumskool* word hier weergegee. Daar word geen vergelykings tussen die drie gevallestudies getref nie. Daar word wel ooreenkomste uitgewys en parallelle getrek. Die terminologie van die data-analise sluit die volgende in: onderrigleierskap, parallelmedium, regspraak, regsraamwerk, pligstaat, werklading en taalbeleid. Die literatuurstudie in Hoofstuk 2 vorm deel van die bevindinge wat hieronder bespreek word. Vervolgens ontleed ek die bevindinge aan die hand van die teoretiese raamwerk en literatuurstudie.

### 4.3.1 Die departementshoof as onderrigleier

#### *4.3.1.1 Onderrigleierskap en die departementshoof*

In die literatuur vind 'n navorser verskeie definisies van die konsep *onderrigleier*. Leithwood en Duke (1999:47) sê dat onderrigleiers tipies fokus op die gedrag en optrede van onderwysers wanneer hulle direk besig is met aktiwiteite wat die ontwikkeling van leerders beïnvloed. Hoadley en Ward (2009) konstateer dat

onderrigleierskap verwys na die verhouding tussen kurrikulum en leierskap.

Kruger (2003:246) omskryf onderrigleierskap soos volg: Dit is 'n veeldoelige taak wat mens- en taakgeoriënteerde bestuurtake kombineer om 'n effektiewe leeromgewing daar te stel. Budhal (2000:18) druk die bestuur van die onderrigprogram soos volg uit: Die onderrigleier moet die onderrig en kurrikulum koördineer, toesig hou oor onderrig, dit evalueer en ook die leerproses monitor. Hierdie onderrigleierskaptaak van die departementshoof geskied in 'n parallelmedium skool en dit impliseer 'n dubbele werklading. Sheppard (in Blase & Blase, 1998:11) noem die volgende funksies van die onderrigleier wat raakpunte toon met Budhal (2008:34) se omskrywing: Koördineer die kurrikulum – hou toesig oor onderrig – evalueer onderrig – moniteer die leerproses – wees sigbaar en ontwikkel die personeel. Vervolgens sê Bush, Joubert, Kiggundu en Van Rooyen (2010:162) dat leierskap van onderrig en leer 'n sinoniem is van onderrigleierskap. Departementshoofde is dus die onderrigleiers wat onderrig en leer in hulle departemente moet lei, bestuur en verbeter binne die relevante wetgewingkonteks. "Departementshoofde het die verantwoordelikheid om effektiewe onderrig en leer in hul departemente te verseker" (Bush et al., 2010:164).

Wanneer daar meer spesifiek gefokus word op die departementshoof se rol omskryf Ali en Botha (2006:17) dit as volg: Dit behels die monitering van die onderwysers se rekords, direkte observering van die onderwyser wanneer klas gegee word, doelwitbeplanning vir verbetering van departemente en die evaluering van leerders se uitslae. Soos Robinson (2007:21) dit ook aandui, hoe nader onderrigleiers is aan die kernfunksie van onderwys, naamlik onderrig en leer, hoe groter die impak op leerders en onderwysers. Die definisies hierbo omskryf onderrigleierskap deeglik. Die departementshoof is 'n onderrigleier wat in 'n tweetalige werkomgewing leiding moet gee ten opsigte van die kurrikulum. Dit impliseer besondere uitdagings soos bv. vergaderings wat in twee tale gelei moet word of beleiddokumente wat in Afrikaans en Engels opgestel moet word.

Uit die individuele onderhoude en waarneming het dit duidelik geword dat al drie die deelnemers onderrigleiers is. Ek het in die onderhoude vir al drie departementshoofde 'n eenvoudige definisie van 'n onderrigleier voorgelees. DP A sien haarself as 'n onderrigleiers wat te veel met hart bestuur maar sy sê: "Ek is op hoogte van alles – ek woon alle vergaderings by – sorg dat die kurrikulum korrek aan die mense deurgegee word – die nodige dokumentasie hulle betyds bereik." (IO 1:5).

DP B beskou homself as 'n leier wat poog om 'n onderrigleier te wees en hy bemagtig die personeel in sy departement. "Ek is geensins 'n outokraat nie." (IO 2:5). DP B neem leiding is sy departement. Hy sê dat hy altyd een tree voor die ander wil wees – hy luister graag na ander insette van die personeel – maar hy is in die posisie aangestel waar hy in beheer moet wees ". DP C beskou homself as 'n onderrigleier in wording.

Al drie die deelnemers beskou hulleself as onderrigleiers wat die kurrikulum in hul departemente bestuur. Ek maak daarom die volgende stelling: Departementshoofde moet die onderrigleiers in hul departemente wees soos Budhal (2008:34) dit beklemtoon: Departementshoofde koördineer die kurrikulum -– departementshoofde hou toesig oor onderrig – departementshoofde evalueer onderrig – departementshoofde moniteer die leerproses–departementshoofde moet sigbaar wees en departementshoofde moet personeel professioneel ontwikkel.

### 4.3.2 Die departementshoof as onderrigleier in 'n parallelmedium-skool

Die fokus van my navorsing was parallelmedium-skole. Vervolgens word 'n kort omskrywing en beskrywing van die drie tipe skole in Suid-Afrika met betrekking tot taal van onderrig en leer en taalbeleid gegee. By enkelmediumskole word een taal gebruik as die taal van onderrig en leer (TVOL). Pluddeman et al

(2004:18) se definisie omskryf dubbelmedium-skole soos volg: "Dual-medium education is understood to mean the systematic use of two languages for teaching, learning and assessment, both orally and in writing; learners thus experience the curriculum through the medium of two languages. The strong version of dual-medium education implies full equality of the two LoLT with regard to teaching time, availability of learning support materials, assessment and administration." Onderwysers onderrig dus die leerareas in twee verskillende tale (TVOL) aan dieselfde leerders in die dieselfde klas op dieselfde tyd. Pluddeman et al (2004:18) sê dus die gebruik van twee onderrigtale in twee parallelle strome in dieselfde skool. Daar is dus effektief twee afdelings in een gebou waar die een stroom in een TVOL onderrig ontvang en die ander stroom in 'n ander TVOL. Die departementshoof as onderrigleier in hierdie tipe skool het unieke uitdagings. Al die bestuur- en leierskapfunksies moet in twee tale gedoen word.

Tydens die waarneming (W1) in DP A se klas word die taal gemeng deur die onderwyser en die leerders: "Eish se boude – moenie worry nie mam – we will finish die huiswerk" (W 1:1). DP A sê ook in die Engelse klas die volgende: "Jis maar jy kan lelik skryf, siesa". DP A sê vir my sy as sy in haar eie moedertaal begin praat weet die leerders sy is kwaad. Sy is egter ten volle tweetallig en sukkel nie met die Engels nie.(W 1:1). Die beplanning en afrolwerk word in Afrikaans en Engels gedoen. In die individuele onderhoud (IO 1:3) sê sy daar is ongeveer 900 leerders en die TVOL is Afrikaans en Engels. Daar word ook geen onderskeid getref tussen Afrikaanssprekende en Engelssprekende leerders nie. Al die beplanning, agendas van vergaderings en assessering word in albei TVOL gedoen (DA1). By DP B gebruik die leerders Afikaans-Engelse woordeboeke.(W 2:1). Kommunikasie en onderhoude geskied in Afrikaans en Engels maar 'n tolk word gebruik as die ouers nie een van die TVOL verstaan nie (IO 2:8). DP C modereer die vraestelle in albei tale en maak seker dat daar nie spelfoute is nie (IO3:5).

Daar is twee belangrike afleidings wat ek hieruit kan maak. Eerstens moet die departementshoofde as onderrigleiers in parallelmediumskole ten volle tweetalig wees. Tweedens moet alles in twee tale gedoen word. Dit sluit in beplanning, assessering, vergaderings, kommunikasie met ouers, ens. Dit het dan ook 'n beduidende invloed op die pligstaat en werklading van 'n departementshoof by so 'n skool.

### 4.3.3 Die departementshoof as onderrigleier en regspraak

#### *4.3.3.1 Regspraak*

Taal en Taalbeleidvan skole is die afgelope paar jaar gereeld in die nuus as gevolg van Hofsake. In die saak tussen *Die Wes-Kaapse Minister van Onderwys en die Beheerliggaam van die Laerskool Mikro* 2005 10 BCLR 973 (SCA) is die skool deur die provinsiale onderwysdepartement gedwing om sy taalbeleid te verander na parallelmedium. In die saak tussen *Laerskool Middelburg en die Departementshoof van die Mpumalanga Departement van Onderwys* 2003 4 SA160 (T) het die departement ook die skool gedwing om na parallelmedium te verander. Die hofsake handel oor dieselfde beginsel, maar die uitspraak verskil. Laerskool Mikro slaag daarin om hul taalbeleid nie te laat verander nie want daar is 'n skool wat nader aan die Engelssprekende leerders se woonplek is. In die Laerskool Middelburg se saak word die taalbeleid verander want "die beste belang van die kind-regsbeginsel" word toegepas. Die Laerskool Middelburg-saak het te lank gesloer en leerders sal benadeel word as hulle weer verskuif word. Departementshoofde moet hulle departemente dus so bestuur dat die beste belang van die kind, in hierdié geval basiese onderwys, in die taal van hulle keuse tot sy reg sal kom.

### 4.3.4 Die departementshoof as onderrigleier en die regsraamwerk

#### *4.3.4.1 Die Grondwet van Suid-Afrika*

Die Grondwet van Suid-Afrika (RSA,1996a) bepaal in artikel 2 dat dié wet die hoogste reg van die Republiek is en dat enige ander regsvoorskrif onderhewig daaraan is. Behalwe vir die Grondwet is die volgende dokumente ook belangrik vir hierdie navorsing. Die Suid-Afrikaanse Skolewet (RSA,1996b), Nasionale Onderwysbeleidwet (RSA,1996c), die Wet op die Indiensneming van Onderwysers (RSA,1998) en Die Personeel Administratiewe Maatreëls (RSA,1999).

Volgens Artikel 1 van die Grondwet van Suid-Afrika (RSA, 1996a) is die Republiek van Suid-Afrika een soewereine, demokratiese staat gegrond op die volgende waardes, nl. menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede, en nie-rassigheid en nie-seksisme. Vir die departementshoof beteken dit dat onderwysers, leerders en ouers se menseregte sentraal in hulle handelinge met mekaar sal staan. Meer spesifiek moet die departementshoof in sy onderrigleierskaprol fokus op menswaardigheid, gelykheid, nie-rassigheid en nie-seksisme in sy departement.

Die amptelike tale van Suid-Afrika word in artikel 6(1) van die Grondwet beskryf en in artikel 6(2) word daar genoem dat daar daadwerklike maatreëls getref moet word deur die staat om die status van inheemse tale te verhoog en hulle gebruik te bevorder. Wanneer 'n skool se taalbeleid verander, sal dit 'n invloed op die onderrigleierskaprol van die departementshoof hê. Die taak van die departementshoof by ’n parallelmedium-skool sal verskil van dié van ’n departementshoof by ’n enkelmedium-skool. Die departementshoof as onderrigleier by ’n parallelmediumskool moet al sy bestuurtake en dokumentasie in Afrikaans en Engels beskikbaar stel en uitvoer.

In Artikel 9(3) word die staat se verantwoordelikheid ten opsigte van diskriminasie uitgespel: die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, waaronder taal ook spesifiek genoem word. Die staat moes dus gelykheid ten opsigte van taal beskerm en

bevorder. Departementshoofde in diens van die onderwysdepartement is staatsamptenare en het dus 'n inherente plig om taalregte te beskerm.
Een van die waardes wat die grondwet uitlig is menswaardigheid. Artikel 10 van die Grondwet verwys spesifiek daarna:"Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word." Daar is verskillende uitdagings vir die onderrigleier in 'n parallelmediumskool met betrekking tot menswaardigheid. Onderwysers moet ten volle tweetalig wees sodat hulle met selfvertroue in Afrikaans en Engels kan onderrig. Dit sal verseker dat hulle menswaardigheid nie as gevolg van taal aangetas word nie.
Departementshoofde in parallelmedium skole moet hulle departemente bestuur volgens die voorskriftelike bepalings en waardes van die Grondwet. Skole se taalbeleid kan dus verander sodat leerders toegang kan kry tot skole waartoe hulle voorheen nie toegang gehad het nie. Dit impliseer in sekere gevalle 'n verandering in TVOL, wat kan veroorsaak dat die departementshoof se werk verdubbel want alles word in Afrikaans en Engels gedoen.

*4.3.4.2 Die Suid-Afrikaanse Skolewet*

Die Suid-Afrikaanse Skolewet (RSA, 1996b) spreek spesifiek tot die onderwys. Die aanhef tot die Skolewet fokus op 'n nuwe nasionale onderwysstelsel geskoei op die volgende belangrike waardes en doelwitte:

- Om onregte in onderwysvoorsiening van die verlede reg te stel.
- Om die demokratiese transformasie van die gemeenskap te bevorder.
- Om rassisme en seksisme en alle ander vorms van onregverdige diskriminasie en onverdraagsaamheid te bekamp.
- Om die verskeidenheid van kulture en tale te beskerm en te bevorder.
- Om die regte van alle leerders, ouers en opvoeders te handhaaf.
- Om onderwys van progressief hoë gehalte aan alle leerders te voorsien.

Artikel 6 van die Skolewet verwys spesifiek na die taalbeleid van openbare skole.

Aldus Artikel 6(1) moet die Minister in die Staatskoerant norme en standaarde vir taalbeleid in openbare skole na oorlegpleging met alle rolspelers vasstel. Die Nasionale Onderwys Departement het reeds in 1997 hierdie norme en standaarde gepubliseer (Nasionale Onderwysdepartement, 1997). Na aanleiding van hierdie norme en standaarde moet die staat sekere taaldoelwitte volgens die Grondwet bevorder, ontwikkel en uitbrei. Die fokus is op die individu se taalregte, die bevordering van meertaligheid en die aanspreek van ongeregtighede van die verlede in skole. In terme van artikel 3(4)(m) en artikel 4(a)(5) van die Nasionale Onderwysbeleid Wet is die Taal in Onderwysbeleid (1997) gepubliseer (Nasionale Onderwysdepartement, 1997).

Die voorwoord van die Taal in Onderwysbeleid fokus op moedertaalonderrig sowel as die aanleer van ander tale as leerareas as 'n opsie, of op gestruktureerde meertaligheid as 'n ander opsie. Skole kan dus enkel-, dubbel- of parallelmedium wees. Departementshoofde moet deeglik bewus wees van bogenoemde regulasies wat die taalbeleid aanspreek. Enkel-, Parallel- en dubbelmedium-skole bevorder veeltaligheid. Artikel 6(2) van die Skolewet sê dat skoolbeheerliggame die taalbeleid mag saamstel in terme van die Grondwet en ander toepaslike wetgewing. Die departementshoof as onderrigleier by 'n parallelmedium-skool moet dus seker maak dat niemand in sy departement teen die taalregte van die leerders en ouers diskrimineer nie.

### *4.3.4.3 Die wet op indiensneming van onderwysers*

Die Wet op Indiensneming van Onderwysers (Wet 76 van 1998) fokus op regulasies met betrekking tot diensvoorwaardes, dissipline, aftrede en ontslag van onderwysers. In hierdie navorsing het ek gefokus op diensvoorwaardes (artikel 4 - 5), aanstellings (artikel 6 -7) en oorplasings (artikel 8). Wanneer 'n departementshoof aangestel word, is diensvoorwaardes ter sprake. Wanneer 'n skool se taalbeleid verander, sal dit die bestuur van 'n departement beïnvloed. Oorplasing van een skool na 'n ander skool met 'n ander taalbeleid sal ook 'n

invloed hê op die pligte en werklading van die departementshoof al bly die diensvoorwaardes dieselfde. Artikel 7(1a) van die Wet op die Indiensneming van Onderwysers fokus op die vermoë en menswaardigheid van die onderwyser. 'n Onderwyser se menswaardigheid kan aangetas word as sy pligte ten opsigte van taal verander. As onderwysers nie die taal kan praat nie, sal hulle onseker wees, en dit sal hul vermoë om hul taak professioneel uit te voer, beïnvloed. Departementshoofde moet weet dat hulle in die skoolomgewing deur wetgewing gereguleer word en dat hulle binne die wetgewing moet leiding neem en bestuur. Departementshoofde kan effektiewe onderrigleiers wees by veral 'n parallelmedium-skool indien hulle op hoogte van die regsvereistes ten opsigte van taal is.

### 4.3.5 Die departementshoof as onderrigleier se pligstaat

Die Personeel Administratiewe Maatreëls (RSA, 1999) beskryf onder andere wat die basiese posbeskrywing van elke posvlak in die onderwys behels. Vir hierdie navorsing word daar net op die posbeskrywing van 'n departementshoof (posvlak 2) gefokus. Departementshoofde moet formele klasonderrig gee vir tot 90% van die kontaktyd (artikel 3.3 van PAM). Artikel 4.4 van PAM verwys meer spesifiek na die pligte en verantwoordelikhede van die departementshoof. Die departementshoof is die onderrigleier van 'n spesifieke departement. Dit kan vakgerig, leerarea-gerig of fase-gerig wees. Die effektiewe funksionering van die departement is die primêre verantwoordelikheid van die departementshoof. Die verantwoordelikhede sluit beleidvorming, evaluering en assessering in. Die departementshoof is ook die onderrigleier wat leiding moet gee ten opsigte van die nuutste onderrigmetodes, onderwysmedia en benadering. Departementshoofde is ook verantwoordelik vir kontrole van leerders en onderwysers se werk. Al hierdie take en pligte is moontlik meer by parallelmedium- en dubbelmedium-skole want die Taal van Onderrig en Leer (TVOL) is twee tale (Afrikaans en Engels). Die Taal van Onderrig en Leer is die voertaal by 'n skool, d.w.s. die taal waarin onderrig geskied.

DP A se pligstaat is volgens haar die volgende. Sy is verantwoordelik vir al die administratiewe pligte, kommunikasie en 15 personeellede in haar departement. Sy bied Afrikaans en Sosiale Wetenskap aan vir Graad 5 in albei tale (Afrikaans en Engels). Sy doen ook die rapporte, vorderingverslae en is verantwoordelik vir alle komitees en skakeling met die snoepie.

DP B bied Wiskunde (in Afrikaans en Engels) vir Graad 6 en Lewensoriëntering vir Graad 7 aan. Hy hou skool vir 170 leerders. Hy is verantwoordelik vir die veiligheid by die skool. Daar is tien personeellede in sy departement.

DP C is departementshoof van die intermediêre en senior fase. Hy is verantwoordelik vir Afrikaans, Engels, Wiskunde en Natuurwetenskap. Hy doen die algemene kontrole, assessering, beplanning en moderering van vraestelle. Hy is verantwoordelik vir 18 personeellede.

Twee van die departementshoofde het nie geweet wat die Personeel Administratiewe Maatreëls (PAM) is nie. DP C het egter daarvan geweet. Hulle het presies omskryf wat hulle pligte as departementshoofde by die skool is. Ek beskou dit dan ook as 'n voordeel van hierdie studie dat die drie departementshoofde bemagtig is ten opsigte van PAM.

### 4.3.6 Die departementshoof as onderrigleier se werklading by parallelmedium-laerskole

